.b138 289 15

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

University Free State

34300000360176

Universiteit Vrystaat

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

D1

# DIE GEBRUIK VAN NIE-ANATOMIES-GEDETAILLEERDE POPPE BY DIE ASSESSERING VAN SEKSUELE MOLESTERING BY DOGTERS : 'N KRUISKULTURELE STUDIE

deur

**ALLISON FAY POTGIETER**
**B.A., B.A. Hons (Sielkunde)**

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium (Kliniese Sielkunde) in die Fakulteit Geesteswetenskappe, Departement Sielkunde, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

***Die finansiële ondersteuning van die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling met betrekking tot die navorsing word hiermee erken. Menings en gevolgtrekkings is dié van die outeur en moet nie aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling gekoppel word nie.***

Bloemfontein
Januarie 2000

**Studieleier**
**Mev A E Louw**

**Mede-studieleier**
**Prof DA Louw**

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

1 4 MAR 2001

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

***OPGEDRA AAN TWEE***

***UITSONDERLIKE MANS IN MY LEWE***

*My man Maarten*

*Vir sy voortdurende liefde, begrip, ondersteuning en aanmoediging tydens die jare wat ek gestudeer het. Ek is uiteindelik klaar!*

*My seun, MD*

*Vir sy kinderlike begrip en onvoorwaardelike liefde tydens die sewe jaar wat ek gestudeer het en soms gewonder het "Wanneer is Ma dan nou klaar?"*

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die Magister Artium (Kliniese Sielkunde) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie . Ek doen voorts afstand van outeursreg op die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

..................................................  ..................................

MEV A F POTGIETER  DATUM:

## BEDANKINGS

Baie dankie aan my studieleier vir al haar ondersteuning, hulp en haar groot bron van kennis oor hierdie onderwerp.

Baie dankie aan my mede-studieleier vir al sy reëlings, sy bereidwilligheid en hope geduld om die nodige proefpersone te bekom, asook vir die taalversorging van die verhandeling.

Baie dankie aan al die dogters wat deelgeneem het aan die navorsingstudie.

Baie dankie aan die personeel van die onderskeie kinderhuise in die Vrystaat en Noord-Kaap, Monument Plek van Veiligheid en die Hof vir Seksuele Oortredings in Bloemfontein, vir al hul reëlings, moeite en gasvryheid.

Baie dankie aan my vriendin, Melanie de Lange, vir haar bydrae en ondersteuning.

Baie dankie aan al my mede-studente vir hulle ondersteuning die afgelope twee jaar.

Baie dankie aan my familie vir hul gebede, ondersteuning en begrip tydens die jare wat ek gestudeer het.

Baie dankie aan my Hemelse Vader vir die geleentheid om my ideaal te verwesenlik.

INHOUD Bladsy


Samevatting .................................................... 1

Inleiding ........................................................... 1

Die anatomies-gedetailleerde poppe as 'n psigometriese instrument ...................................... 4

Die invloed van sekere veranderlikes op die gebruik van anatomies-gedetailleerde poppe ........ 5

Geslag ............................................................. 5

Geheue ............................................................ 6

Suggereerbaarheid ............................................ 7

Fantasie ........................................................... 9

Simboliese funksie ............................................ 10

Kennis van seksualiteit en gesinsagtergrond ....... 11

Die gebruik van poppe as hulpmiddel om tussen seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde kinders te onderskei ...................... 14

Metode .............................................................. 16

Proefpersone ..................................................... 16

Materiaal ........................................................... 16

Prosedure .......................................................... 19

| | |
|---|---|
| Resultate | 20 |
| Spontane interaksie met die nie-anatomies-gedetailleerde poppe | 21 |
| Keuse ten opsigte van 'n pop | 22 |
| Gedragsresponse in die algemeen teenoor nie-anatomies-gedetailleerde poppe | 25 |
| Spesifieke gedragsresponse van seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor nie-anatomies-gedetailleerde poppe | 26 |
| Vergelyking van spesifieke gedragsresponse van wit en swart seksueel-gemolesteerde dogters | 32 |
| Gedragsresponse van wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor nie-anatomies-gedetailleeerde poppe | 37 |
| Bespreking | 42 |
| Gevolgtrekking | 48 |
| Verwysings | 50 |
| Bylae A: Merklys | 57 |
| Bylae B: Omskrywing van merklys | 60 |
| Summary | 67 |

## LYS VAN TABELLE Bladsy


Tabel 1 : Keuse ten opsigte van poppe .......................... 23

Tabel 2 : Keuse ten opsigte van 'n spesifieke pop .......... 24

Tabel 3 : Gedragsresponse in die algemeen teenoor NAG-poppe .................................................... 26

Tabel 4 : Spesifieke gedragsresponse van seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe ............................ 27

Tabel 5 : Gedragsresponse van wit en swart seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe.... 32

Tabel 6: Gedragsresponse van wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe .................................................... 37

Tabel 7: Opsomming van gedragsresponse wat deur die proefpersone gedemonstreer is teenoor die NAG-poppe .............................................. 41

# LYS VAN DIAGRAMME Bladsy

Diagram 1: Spontane interaksie van nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe...... 21

Diagram 2: Spontane interaksie van seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe ..... 21

## LYS VAN FOTO'S Bladsy

Foto 1: 'n Stel van vier wit NAG-poppe.......................... 17

Foto 2: 'n Stel van vier swart NAG-poppe...................... 17

Foto 3: Voorkoms van NAG-poppe ............................... 18

# DIE GEBRUIK VAN NIE-ANATOMIES-GEDETAILLEERDE POPPE BY DIE ASSESSERING VAN SEKSUELE MOLESTERING BY DOGTERS: 'N KRUISKULTURELE STUDIE


***SAMEVATTING***

*Die gebruik van anatomies-gedetailleerde (AG-) poppe in die identi= fisering van seksuele molestering by jong kinders is 'n kontroversiële onderwerp. Weens bepaalde dilemmas rondom die gebruik hiervan, het die vraag ontstaan of die gebruik van nie-anatomies-gedetailleerde (NAG-) poppe nie net so effektief of selfs meer effekftief sou wees nie. Daar bestaan min oorsese navorsing in hierdie verband, terwyl geen navorsing nog tot dusver in Suid-Afrika hieroor uitgevoer is nie. Die doel met hierdie studie was dus eerstens om ondersoek in te stel na die lewensvatbaarheid van die gebruik van NAG-poppe in die identifisering van seksuele molestering by kinders. Om hierdie doel te bereik, is die response van 38 (22 wit en 16 swart) seksueel-gemolesteerde dogters en 36 (18 wit en 18 swart) nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe vergelyk. Tweedens is daar gepoog om kruiskulturele data daar te stel, dit wil sê swart en wit kinders se reaksies teenoor die poppe is bepaal. In hierdie geval is die response van die wit seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe vergelyk met dié van die swart seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters. 'n Chi-kwadraat-ontleding van die resultate kon geen statisties beduidende verskille ten opsigte van enige van die twee doelwitte uitwys nie. Volgens 'n meer beskrywende benadering van die data, het dit egter geblyk dat sekere tendense rakende die response van seksueel-gemolesteerde dogters en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor die NAG-poppe voorkom. Hierbenewens blyk daar ook sekere tendense ten opsigte van die response van swart en wit dogters teenoor die NAG-poppe voor te kom.*


## INLEIDING

Die seksuele molestering van kinders is 'n wydverspreide verskynsel wat 'n uiters traumatiese impak op die normale ontwikkeling van 'n kind kan hê. Dit is egter ewe waar dat fiktiewe aantygings van seksuele molestering ook die beweerde molesteerder se lewe kan verwoes.

Daarom is dit nodig dat aantygings van kindermolestering noukeurig geëvalueer word.

Die identifisering van seksuele kindermolestering is dikwels kompleks, veral in gevalle waar daar 'n gebrek aan bevestigende mediese en ander getuienis is en waar daar dus slegs op die getuienis van die kind staatgemaak moet word (Goodman & Aman, 1990). Sommige jong kinders het weens faktore soos hul ontwikkelingsvlak, vrees of beïnvloeding, dikwels beperkte hanteringsvaardighede en is dikwels nie in staat nie, of selfs onwillig, om hul ervaring van seksuele molestering verbaal te beskryf (Boat & Everson, 1986). Die gevolg is dat innoverende tegnieke toenemend aangewend moet word in kinder=molesteringsake.

Speelgoed is reeds van vroeg af gebruik tydens kliniese onderhoude met kinders (Sivan, 1993). Veral die gebruik van poppe is beskou as 'n waardevolle metode om interaksie tussen kinders en die terapeut te bewerkstellig. Dit is daarom verstaanbaar dat AG-poppe mettertyd aangewend is in die assessering van seksuele molestering by kinders. Volgens Koocher et al. (1995) is dit onbekend wanneer presies AG-poppe hul verskyning gemaak het, hoewel daar algemeen aanvaar word dat dit teen ongeveer die middel van die sewentigerjare was. Die poppe was eenvoudige lappoppe met vaginale openinge, penisse en skrotums. Getrou aan die sombere onderwerp was hulle gesigs=uitdrukkings somber. Die aanvanklike doel van die poppe was om kinders te help om liggaamsdele en –funksies te identifiseer en/of om te demonstreer wat met hulle gebeur het. Die gebruik van AG- poppe het mettertyd toegeneem en 'n integrale deel geword van talle geestesgesondheidswerkers en organisasies se mondering om die seksuele molestering van kinders te identifiseer. Data wat tydens hierdie evaluasieprosesse verkry is, is ook tydens hofsake aangewend

as aanduidings dat seksuele molestering plaasgevind het, al dan nie (Koocher et al., 1995).

Teen 1980 was AG-poppe algemeen in gebruik. Die rede hiervoor is waarskynlik dat daar algemeen aanvaar is dat kinders maklik met 'n pop kan identifiseer, dat hulle gemaklik met poppe is, en dat hulle sodoende hul gevoelens en ervarings sal kan projekteer. Die feit dat daar onder andere nie normatiewe data of gestandaardiseerde prosedures vir die gebruik van die poppe bestaan nie, het daartoe gelei dat 'n kontroversie rondom die gebruik van die poppe ontstaan het. Die kontroversie het in so 'n mate uitgekring dat die forensiese gebruik van sodanige poppe in sekere state in die VSA verbied is (Boat & Everson, 1993; Hess & Weiner, 1999). Die vraag of AG-poppe hoegenaamd vir die identifisering van seksuele molestering by kinders gebruik kan word, het dus ontstaan – 'n vraag wat weens weersprekende navorsings= resultate, interpretasies en standpunte nog grootliks onbeantwoord bly.

Weens die kontroversie rondom AG-poppe het die vraag onstaan of "gewone", oftewel NAG-poppe, nie met vrug vir die identifisering van seksuele molestering van kinders aangewend kan word nie. Dit is dan ook die primêre doel van hierdie studie: om te bepaal of NAG-poppe die potensiaal inhou om seksuele molestering by kinders te identifiseer.

Aangesien AG-poppe so wyd gebruik word, is dit belangrik om eers die rasionaal van die studie te regverdig deur vervolgens die belangrikste punte van kritiek teen die AG-poppe te bespreek.

## ANATOMIES-GEDETAILLEERDE POPPE AS 'N PSIGOMETRIESE INSTRUMENT

Voorstanders van die gebruik van AG-poppe is van mening dat die gebruik van sodanige poppe handige hulpmiddels is om taal- en geheueprobleme by kinders te oorbrug. Daarby laat die poppe kinders meer gemaklik voel om ervarings uit te speel en te demonstreer, eerder as om dit verbaal weer te gee (Bruck, Ceci, Francouer & Renick, 1995). Aan die ander kant word verskeie punte van kritiek teen AG-poppe as 'n diagnostiese meetinstrument ingebring:

Alvorens 'n sielkundige meetinstrument die nodige professionele erkenning kan verkry, moet dit aan sekere vereistes voldoen. So byvoorbeeld moet dit betroubaar en geldig wees, objektief afgeneem en nagesien kan word, en ook oor norms beskik (Louw, 1997). Dit wil voorkom asof AG-poppe nie aan verskeie van hierdie vereistes voldoen nie. So blyk dit eerstens dat die poppe nie volgens bepaalde spesifikasies vervaardig word nie. Die poppe kom voor in verskillende groottes, vorms en kleure, en die grootte en voorkoms van die genitalieë verskil ook dikwels van pop tot pop (Ackerman, 1999; Skinner & Berry, 1993). Die vraag kan tereg gevra word of hierdie verskille nie kan aanleiding gee tot verskillende response by kinders nie. Tweedens, hoewel daar enkele voorgestelde protokolle vir die gebruik van AG-poppe gepubliseer is (bv. *American Professional Society on the Abuse of Children* 1995; Boat & Everson 1986), is daar nie 'n protokol wat eenvormige toepassing en interpretasie van die resultate van die poppe verseker nie. Die noodwendige gevolg is dat die betekenis wat die response van die kinders inhou, van sielkundige tot sielkundige kan verskil.

Dit is dus duidelik dat daar nog talle vrae rondom die AG-poppe beantwoord sal moet word alvorens hierdie tegniek op 'n groot skaal deur die professioneel-sielkundige wêreld aanvaar gaan word. Die feit dat AG-poppe nie aan die psigometriese vereistes van 'n sielkundige meetinstrument voldoen nie, impliseer egter nie dat die tegniek geen waarde het nie. So byvoorbeeld kan dit onder andere 'n ysbreker wees om 'n meer gemaklike atmosfeer te skep, terwyl dit ook as 'n anatomiese model in bepaalde situasies kan dien (Everson & Boat, 1994).

Benewens die voorafgaande psigometriese probleme rondom die AG-poppe, is daar verskeie ander veranderlikes wat sowel die kind se interaksie met die pop as die interpretasie van hierdie interaksie kan beïnvloed. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

## DIE INVLOED VAN SEKERE VERANDERLIKES OP DIE GEBRUIK VAN ANATOMIES-GEDETAILLEERDE POPPE

Volgens die literatuur kan veral die volgende veranderlikes 'n rol speel in die gebruik van AG-poppe:

### *Geslag*

Volgens Cohn (1991) en Sivan, Schor, Koeppl en Noble (1988) blyk dit dat die geslag van die persoon 'n rol speel by die interaksie met AG-poppe. Die dogters in beide hierdie studies het meer met die AG-poppe gespeel as die seuns. Veral die sosiale druk op kinders om met speelgoed te speel wat by hul geslag pas, word as 'n verklaring vir die bevinding aangevoer. Daar is ook aanduidings uit die literatuur dat die geslag van die terapeut 'n rol kan speel in die kinders se interaksie met AG-poppe (Boat & Everson, 1994). Sivan et al. (1988) het byvoor=

beeld gevind dat dogters in die teenwoordigheid van 'n vroulike terapeut meer interaksie met die poppe getoon het. Ten opsigte van AG-poppe, NAG-poppe en geslag het Britton en O'Keefe (1991) in hulle navorsing met 2- tot 10-jarige kinders bevind dat dogters meer die AG-poppe gebruik het om hul ervaring te rapporteer terwyl die seuns meer gebruik gemaak het van NAG-poppe.

***Geheue***

Navorsing ten opsigte van kinders se geheue dui aan dat kinders baie inligting kan onthou, maar dat hulle vermoë om inligting te herroep van dié van volwassenes verskil. Veral jong kinders is ook geneig om minder detail as volwassenes te rapporteer (Fivush & Hudson, 1990; Garbarino & Stott, 1992; Lie & Inman, 1991). Volwassenes maak gebruik van vrye herroeping van inligting, dit wil sê sonder dat spesifieke wenke gegee word. Kinders aan die anderkant, is beter in staat om inligting te herroep indien direkte vrae aan hulle gestel word en wanneer hulpmiddels soos poppe en speelgoed as geheuestimuli gebruik word (Katz, Schonfeld, Carter, Leventhal & Cicchetti, 1995; Saywitz, Nicholas, Goodman & Moan, 1991). Boat en Everson (1994) konstateer spesifiek dat die gebruik van AG-poppe, veral binne 'n ondersteunende atmosfeer, kan bydra tot die herroeping van spe= sifieke gebeure van 'n seksuele aard (sien ook Bruck, et al., 1995).

Hierdie bevindings kan egter nie na alle ouderdomsgroepe veralge= meen word nie. DeLoache (1995) wys daarop dat die gebruik van AG-poppe by jong kinders (jonger as ongeveer vier jaar) nie bydra tot die herroeping van meer of beter inligting rakende gebeure van 'n seksuele aard nie. Hierdie bevinding hou verband met jong kinders se klaarblyklike onvermoë om die poppe as 'n verteenwoordiging van die self te beskou. Om die poppe as 'n geheuestimulus vir sulke jong

kinders te gebruik, sal dus nie die gewensde resultate lewer nie. Trouens, sommige studies dui aan dat dit in sekere gevalle eerder geheuefunksionering kan belemmer as bevorder (DeLoache & Marzolf 1995; Goodman & Aman, 1990). So het Bruck et al. (1995) gevind dat AG-poppe aanleiding gegee het tot valse rapportering by driejariges. Laasgenoemde navorsers is van mening dat AG-poppe geensins in forensiese of terapeutiese onderhoude met driejarige kinders en jonger gebruik moet word nie. Ouderdomsverskille ten opsigte van die gebruik van AG-poppe as geheuestimulus is ook gestaaf deur die navorsing van Goodman en Aman (1990) en Leventhal et al. (1989) waarin driejariges beduidend minder addisionele inligting met behulp van die poppe kon verskaf as vyf- en sewejariges.

***Suggereerbaarheid***

Ceci en Bruck (1993) definieer suggereerbaarheid of vatbaarheid vir suggestie in die forensiese konteks as die mate waartoe 'n persoon se enkodering, berging, herroeping en rapportering van gebeurtenisse deur 'n verskeidenheid van sosiale en sielkundige faktore beïnvloed kan word. In hierdie verband is dit dus nie net die aard van die kind se kognitiewe funksionering wat van belang is nie, maar ook die onderhoudsprosedure as sodanig. Wat eersgenoemde betref, blyk dit dat veral jong kinders tussen die ouderdomme drie en vier jaar meer vatbaar is vir suggestie as ouer kinders en volwassenes (Ceci & Bruck, 1993). Volgens Loftus en Davies (1984) vervaag kinders se geheue gewoonlik vinniger as dié van volwassenes. Tesame met die ontwikkelingsverskille tussen kinders en volwassenes tydens die fases van enkodering, berging en herroeping, kan kinders moontlik meer vatbaar wees vir suggestie. Wat die onderhoudsprosedure betref, is Bruck en Ceci (1999) van mening dat tegnieke wat deur die onderhoudvoerder gebruik word, ook 'n groot rol in die kinders se

vatbaarheid vir suggestie speel. Dit is veral die gebruik van tegnieke soos AG-poppe wat kommer wek (Ceci & Bruck, 1995). AG-poppe beskik oor visuele leidrade, soos byvoorbeeld geslagsorgane en sekondêre geslagseienskappe wat kinders se suggereerbaarheid kan verhoog. Volgens hierdie uitgangspunt kan die blote aard van die AG-poppe dus die kind aanmoedig tot seksuele spel al is hy of sy nie seksueel gemolesteer nie. So byvoorbeeld kan 'n kind 'n vinger in die genitalieë van die pop plaas, bloot omdat dit 'n nuwigheid of snaaksigheid is, of omdat dit as uitnodiging of stimulus dien om op te reageer (Ceci & Bruck, 1995). Hierdie gedrag kan dan verkeerdelik geïnterpreteer word as aanduidings dat seksuele molestering wel plaasgevind het. Hierdie probleem word vererger indien leidende vrae gevra word, die poppe in suggestiewe posisies geplaas word of indien seksuele spel verbaal versterk word (Wakefield & Underwager, 1988).

Hoewel Boat en Everson (1994) meen dat die beskikbare navorsing nie die standpunt ondersteun dat AG-poppe wel kinders se vatbaarheid vir suggestie verhoog nie, is Ceci en Bruck (1995) van mening dat daar heelwat metodologiese probleme in hierdie studies bestaan en dat 'n sodanige afleiding dus nie sondermeer gemaak kan word nie. Interpretasies van kinders se gedrag moet noukeurig ondersoek word veral gesien in die lig dat selfs kinders wat nie gemolesteer is nie, seksuele belangstelling getoon het na blootstelling aan die poppe (Boat, Everson & Holland, 1990). Dit is daarom belangrik dat indien 'n ondersoek na beweerde seksuele molestering gedoen word, daar uitgeklaar moet word of kinders vorige blootstelling aan die poppe gehad het. Dit is juis om hierdie redes dat Bruck en Ceci (1999) versigtig is om die gebruik van AG-poppe te endosseer. Hulle is van mening dat jonger en ouer kinders wel in staat is tot akkurate herroeping van gebeure sonder hulpmiddels soos byvoorbeeld AG-poppe, gewone poppe of selfs verhale wat seksuele misbruik as tema

het. Die gebruik van sodanige hulpmiddels is dus volgens hulle nie nodig nie en terselfdertyd word kinders dan ook beskerm teen enige invloede wat suggereerbaarheid kan verhoog.

***Fantasie***

'n Beswaar wat ook dikwels teen die gebruik van AG-poppe geopper word, behels (veral jong) kinders se onvermoë om tussen fantasie en realiteit te onderskei. Vrae na kinders se vermoë in hierdie verband spruit enersyds uit veral Freud se aanname dat kinders geneig is tot seksuele fantasieë, en andersyds uit die besorgdheid dat die poppe deur die kind geassosieer kan word met fantasiespel. Die vermoë om tussen realiteit en fantasie te kan onderskei volg 'n ontwikkelingsgang, dit wil sê ouer kinders is gewoonlik meer daartoe in staat as jonger kinders (Johnson & Foley, 1984; Botha et al., 1998). Die feit dat jonger kinders geneig is om te fantaseer en die moontlikheid dat AG-poppe dalk kan bydra tot verwarring (vergelyk die bespreking oor suggereerbaarheid), kan as 'n aanduiding dien dat die gebruik van AG-poppe met versigtigheid hanteer moet word. Veral die tipe vraagstelling wat hiermee gepaard gaan is van groot belang. Byvoorbeeld, indien daar aan kinders voorgehou word dat daar 'n speletjie gespeel gaan word, of dat hulle hul moet "verbeel" hulle is een van die poppe, kan dit moontlik aanleiding gee tot fantasiespel (Everson, 1997).

Die beskikbare literatuur verskaf egter geen duidelike bewyse dat die blootstelling aan AG-poppe aanleiding gee dat jong kinders spontaan seksuele fantasieë ontwikkel wat hulle neig om met die realiteit te verwar nie (Everson & Boat, 1994). Trouens, sommige navorsers is van mening dat indien kinders wel seksuele fantasieë openbaar, dit 'n aanduiding is dat hulle óf gemolesteer is, óf dat hulle seksuele kennis op 'n ander wyse opgedoen het, óf dat dit te wyte is aan probleme in

die onderhoudsprosedure. Dus moet sodanige fantasiespel deeglik ondersoek word (Dalenberg, 1996; DeYoung, 1988; Everson, 1997).

### *Simboliese funksie*

Simboliese funksie verwys na onder andere die kind se vermoë om 'n voorwerp (bv. 'n houtblokkie) te gebruik as 'n simbool van iets anders (bv. 'n motortjie)(Botha et al., 1998). Die vermoë tot simboliese funksie is dan ook, soos reeds genoem, een van die motiverings vir die gebruik van AG-poppe in die assessering van seksuele molestering by kinders: daar word aanvaar dat jong kinders tydens hulle interaksie met die AG-poppe, die poppe as verteenwoordigend van die self sal sien en dat die kinders dan hul eie ervaringe met die poppe sal demonstreer. Hierdie siening spruit egter uit die naïewe veronderstelling ten opsigte van kinders se kognisies, naamlik dat omdat kinders daarvan hou om met poppe te speel, hulle ook met 'n pop kan en wil identifiseer en dat hulle derhalwe die poppe ook as 'n voorstelling van hulself kan hanteer. Hierdie siening word egter nie deur navorsing gestaaf nie.

In uitgebreide navorsing oor die simboliseringsvermoëns van kinders, het DeLoache en haar kollegas (DeLoache, 1995; DeLoache, Kolstad & Anderson, 1991; DeLoache & Marzolf, 1995) gevind dat jong kinders van drie jaar en jonger, probleme ondervind om 'n pop as 'n verteenwoordiging van die self te beskou. Die kinders het dit ook moeilik gevind om vanaf die self na die pop of vanaf die pop na die self te redeneer. Fischer (1980) is van mening dat om van jong kinders te verwag om poppe te gebruik om 'n gebeurtenis te rekonstrueer, besondere kognitiewe uitdagings aan hul vermoëns stel, veral omdat 'n koördinering van verskeie perspektiewe vereis word. Onder sekere omstandighede kan hulle dit wel doen, soos byvoorbeeld die uitbeelding van 'n situasie wat hulle herhaaldelik ervaar het (Price &

Goodman, 1990). In die meeste gevalle word egter minder inligting bekom as wanneer hulle sonder die gebruik van die poppe, net direk oor 'n gebeurtenis gevra word. DeLoache en Marzolf (1995) kom tot die gevolgtrekking dat die gebruik van 'n pop om hulself voor te stel, onnatuurlik vir jong kinders kan wees. Sommige kinders in hulle studie het byvoorbeeld die opdrag om deur middel van die pop te demonstreer wat met hulle gebeur het, verwerp. Sommiges het die poppe vermy, terwyl ander verwar was en nie mooi geweet het wat om te doen nie. Hierdie bevindings is veral belangrik omdat die vermyding of verwerping van die poppe soms deur geestesgesondheidswerkers as 'n aanduiding van molestering geïnterpreteer word.

DeLoache en Marzolf (1995) rig egter waarskuwings ten opsigte van die interpretasie van hulle bevindings. Eerstens moet hierdie resultate nie na alle ouderdomsgroepe veralgemeen word nie. Daar is reeds bewys dat ouer kinders met behulp van die poppe kan demonstreer wat met hulle gebeur het (bv. Boat & Everson, 1994; Goodman & Aman, 1990). Tweedens bestaan daar 'n verskil tussen vryspel met die poppe en gestruktureerde onderhoudvoering deur middel van die poppe. In eersgenoemde geval is die verteenwoordiging van die self nie ter sprake nie, in laasgenoemde wel. Laastens is dit nog nie bekend wat die effek van emosionele trauma op die jong kind se interaksie met die poppe is nie. Hoewel die navorsers van mening is dat getraumati= seerde kinders nie meer of minder geneig sal wees om poppe as 'n simbool van die self te beskou nie, bly dit nog 'n ope vraag.

***Kennis van seksualiteit en gesinsagtergrond***

In die assessering van kinders vir moontlike seksuele molestering, is dit uiters belangrik om kennis te dra van die ontwikkeling van kinders se seksuele gedrag. Sodoende kan foutiewe interpretasies voorkom word.

In hulle studie oor die normatiewe seksuele gedrag in kinders wys Friedrich et al. (1991) daarop dat 'n verskeidenheid van seksuele gedrag by selfs voorskoolse kinders voorkom en dat daar 'n ontwikkelingsgang in hierdie verband plaasvind. So byvoorbeeld kom selfstimulerende gedrag, en ekshibisionistiese en voyeuristiese aktiwi= teite algemeen en met redelike hoë frekwensies by jonger kinders voor, terwyl overte seksuele gedrag in sowel seuns as dogters afneem namate hulle ouer word. Die rede vir laasgenoemde is dat kinders weens die sosialiseringsproses meer bewus raak van sosiale taboe's rakende seksualiteit. Eksplisiete volwassene seksuele gedrag blyk ongewoon by jong kinders te wees. Gordon, Schroeder en Abrams (1990) het in hulle studie gevind dat jonger kinders normaalweg oor minder seksuele kennis beskik as ouer kinders en dat kinders normaalweg min begrip het van volwassene-seksualiteit. Seksuele ontwikkeling geskied egter nie in isolasie nie. Friedrich et al. (1991) wys daarop dat gesinsfaktore 'n baie belangrike rol speel in sowel kinders se kennis van seksualiteit, as die wyse waarop hulle seksuele gedrag demonstreer. Faktore soos blootstelling aan naaktheid en pornografie en die (selfs toevallige) observasie van seksuele omgang kan 'n invloed hê. In hulle navorsing oor die seksuele gedrag van normale en kliniese groepe kinders, het Friedrich et al. (1992) gevind dat chaotiese en stresvolle gesinsomstandighede meer geleenthede aan kinders bied om kennis ten opsigte van volwassene-seksualiteit op te doen.

Hierdie bevindings het implikasies vir die assessering van seksuele molestering by kinders in die algemeen, en vir kinders se interaksie met AG-poppe in die besonder. Indien kinders dus seksuele gedrag teenoor poppe openbaar, is dit baie belangrik om die nodige en relevante inligting oor die kind se gesinsagtergrond te verkry. In hierdie verband het Boat en Everson (1994) gevind dat veral swart seuns uit lae sosio-ekonomiese agtergronde meer overte seksuele gedrag

teenoor AG-poppe openbaar. Die rede wat die navorsers hiervoor aanvoer, is dat lae sosio-ekonomiese toestande dikwels lei tot oorbewoning van huise, wat op sy beurt meer geleenthede vir blootstelling aan seksuele stimuli daarstel. Dit impliseer egter nie dat sodanige kinders se kennis van seksualiteit noodwendig meer is as dié van kinders met 'n hoër sosio-ekonomiese status nie. Gordon, Schroeder en Abrams (1990) het byvoorbeeld gevind dat kinders uit laer sosio-ekonomiese toestande minder onderrig oor seksualiteit soos inligting oor swangerskap, seksuele anatomie en voorkoming van molestering, ontvang.

In 'n studie waarin hulle die seksuele gedrag van kinders tydens die speel met AG-poppe bestudeer het, het Everson en Boat (1990) gevind dat hierdie poppe van waarde is om kinders se kennis van seksualiteit te toets, veral indien dit gepaard gaan met die opdrag "Wys my wat die poppe saam kan doen". Die anatomiese detail van die poppe is baie waardevol om fisiese affeksie en informele kennis van seksualiteit te onderskei van die meer eksplisiete kennis van, en blootstelling aan, die meganismes van seksuele omgang. In die studie van Everson en Boat (1990) is gevind dat 14% van nie-gemolesteerde seuns duidelike posisionering van seksuele omgang gedemonstreer het, wat dus suggereer dat hulle hul kennis elders opgedoen het.

Hierdie resultate illusteer weer die versigtigheid waarmee selfs eksplisiete gedrag met anatomies-gedetailleerde poppge geïnterpreteer moet word. Everson en Boat (1990) is van mening dat eksplisiete verseksualiseerde spel met poppe - selfs die uitbeelding van seksuele omgang - nie as 'n definitiewe aanduiding van seksuele molestering beskou kan word sonder 'n duidelike verbale rapportering hiervan nie. Hulle beveel aan dat aanduidings van eksplisiete seksuele kennis deeglik ondersoek moet word om sodoende die bron hiervan vas te stel.

## DIE GEBRUIK VAN POPPE AS HULPMIDDEL OM TUSSEN SEKSUEEL- GEMOLESTEERDE EN NIE-SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE KINDERS TE ONDERSKEI

In die lig van die voorafgaande faktore wat kinders se interaksie met AG-poppe beïnvloed, kan die vraag gevra word of hierdie poppe suksesvol gebruik kan word in die ondersoek na seksuele moleste= ring, dit wil sê kan die aanname gemaak word dat seksueel-gemoles= teerde kinders anders teenoor AG-poppe sal op tree as nie-seksueel-gemolesteerde kinders. Uit die bevindings van normatiewe studies blyk dit dat nie-seksueel-gemolesteerde kinders wel sekere seksuele gedrag teenoor die poppe toon soos om aan die genitalieë te vat of om die seksuele detail van die poppe te ondersoek deur die pop te ontklee. Eksplisiete gedrag is egter ongewoon, hoewel dit ook kan voorkom (Boat & Everson, 1994; Dawson, Vaughan & Wagner, 1992; Sivan et.al, 1988). Vergelykende studies waar die interaksies van gemolesteerde kinders en nie-gemolesteerde kinders met die poppe vergelyk word, word gekenmerk deur teenstrydige bevindings. Sommige studies dui aan dat daar geen of onbeduidende verskille tussen die twee groepe bestaan (bv. Cohn, 1991; Kenyon-Jump, Burnette & Robertson, 1991). Ander studies dui weer die teendeel aan (bv. August & Forman, 1989; Jampole & Weber, 1987; White et al., 1986). Uiteenlopende metodologieë maak dit egter moeilik om hierdie studies met mekaar te vergelyk.

In die lig van die kontroversie rondom die gebruik van AG-poppe, het navorsers hulself die vraag begin afvra of die gebruik van NAG-poppe in die assessering van kinders nie 'n meer aanvaarbare opsie sou wees nie. Om hierdie hipotese te toets het Britton en O'Keefe (1991) in hul navorsing met kinders tussen die ouderdomme twee tot tien jaar, gebruik gemaak van AG- en NAG-poppe. Die resultate het getoon dat kinders wat geëvalueer is vir seksuele molestering, hul ervaringe in 'n

gelyke mate met AG- en NAG-poppe gedemonstreer het. Hierbene= wens het dit geblyk dat die gebruik van AG-poppe nie bygedra het tot meer rapportering van seksueel-eksplisiete aktiwiteite nie. In navorsing deur Samra en Yuille (1996) waar gefokus is op onder andere die effek van NAG-poppe op kinders van vier tot ses jaar se geheue en vatbaarheid vir suggestie, is daar ten opsigte van AG- en NAG-poppe dieselfde resultate verkry. Die resultate dui daarop dat die gebruik van NAG-poppe moontlik 'n alternatief kan wees vir die gebruik van AG-poppe in die identifisering van seksuele molestering by kinders. Die navorsers meen egter dat verskeie navorsing nodig is alvorens tot 'n definitiewe slotsom gekom kan word.

Dit wil dus voorkom asof poppe, ongeag of hulle oor anatomiese detail beskik al dan nie, bruikbaar kan wees in die assessering van seksuele molestering by kinders. Indien NAG-poppe egter gebruik kan word sluit dit baie van die genoemde kontroversies rondom die gebruik van AG-poppe uit.

Hoewel allerlei poppe (bv. handpoppe, AG-poppe, gewone poppe wat kommersieël verkrygbaar is en sogenaamde "Barbie"-poppe) vryelik deur sielkundiges, maatskaplike werkers, polisie en regslui in Suid-Afrika gebruik word, is nog geen navorsing in hierdie verband hier ter lande uitgevoer nie. Dit is dus nie bekend of Suid-Afrikaanse kinders dieselfde reaksies sal toon as Amerikaanse kinders nie en of kinders vanuit verskillende etniese groepe dieselfde sal respondeer nie. Hierdie studie het ten doel om hierdie leemte aan te spreek en meer spesifiek om deur middel van 'n vergelykende studie die response van wit en swart seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe te ondersoek.

## METODE

### *Proefpersone*

Vier- en-sewentig dogters tussen die ouderdom 4 tot 13 jaar is by die navorsing ingesluit. Die dogters het onderskeidelik uit twee groepe bestaan, naamlik uit 38 (22 wit en 16 swart) seksueel-gemolesteerde dogters waar stawing van molestering teenwoordig is en 36 (18 wit en 18 swart) nie-seksueel-gemolesteerde dogters. Die groep wit dogters het bestaan uit Afrikaanssprekende dogters en die groep swart dogters het bestaan uit Sotho-sprekende dogters asook kleurling-dogters. Polities-histories is kleurlinge as swart beskou. In die Vrystaat en Noord-Kaap is die sosio-ekonomiese status van kleurlinge nader aan dié van swartes as aan wittes. Om hierdie redes is kleurling-dogters ook by die swart groep ingesluit. Daar is gepoog om die twee groepe gelyk te stel deur middel van afparing ten opsigte van sosio-ekonomiese omstandighede, ouderdom en etnisiteit. Die gemiddelde ouderdom van elke groep is 10 jaar. Die proefpersone is meestal bekom by kinderhuise in die Vrystaat en Noord-Kaap. Twee proefpersone is by die Hof vir Seksuele Oortredings in Bloemfontein bekom, terwyl sewe dogters by die Monument Plek van Veiligheid, ook in Bloemfontein, bekom is. Die navorser het elke dogter afsonderlik geëvalueer. Die dienste van 'n opgeleide tolk is by die Hof vir Seksuele Oortredings gebruik tydens die evaluering van Sotho-sprekende dogters, terwyl die dienste van kinderversorgers vir dié doel by die kinderhuise en plek van veiligheid gebruik is.

### *Materiaal*

- Wit en swart NAG-poppe is gebruik wat die etniese groepe voorgestel het. Die wit sowel as die swart NAG-poppe bestaan uit

'n stel van vier, naamlik 'n manlike volwassene, 'n vroulike volwassene, 'n manlike kind en 'n vroulike kind. Die poppe is van lap gemaak en die geslag van elke pop word aangedui deur die pop se voorkoms, byvoorbeeld gesigseienskappe, die lengte van die hare en geslagstoepaslike klere. Die poppe beskik nie oor genitalieë of sekondêre geslagseienskappe nie.

**Foto1: 'n Stel van vier wit NAG-poppe. Van links na regs is die manlike kind-pop, die manlike volwasse pop, die vroulike volwasse pop en die vroulike kind-pop**



**Foto 2: 'n Stel van vier swart NAG-poppe. Van links na regs is die manlike kind-pop, die manlike volwasse pop, die vroulike volwasse pop en die vroulike kind-pop.**



**Foto 3: Voorkoms van die NAG-poppe: NAG-poppe beskik nie oor genitalieë of sekondêre geslagseienskappe nie.**



- 'n Merklys (sien Bylae A) is gebruik waarop die gedrag van elke proefpersoon met die NAG-poppe aangeteken is. Die merklys bestaan uit 'n gedragsindeks waarin die volgende gedrag gespesifiseer is: eksplorerende gedrag, implisiete seksuele gedrag, eksplisiete seksuele gedrag, reaksies teenoor poppe, en ander speelgedrag. Duidelike definisies ten opsigte van die gespesifiseerde gedrag in die gedragsindeks is geformuleer, wat die kodering van die gedrag vergemaklik het (sien Bylae B). Die merklys laat vervolgens ruimte toe om aan te toon of die gedrag voorkom al dan nie; in watter mate dit voorkom (bv. frekwensie en tyd spandeer), asook enige verbaliserings wat met die gedrag gepaardgaan. Hierbenewens word die tipe pop (geslag, ouder= dom, etnisiteit) wat deur die kind gekies word, aangetoon. Hierdie merklys is gebaseer op inligting wat uit verskeie bronne verkry is (bv. Boat & Everson, 1994; Britton & O'Keefe,1991; Cohn, 1991; Dawson, Vaughan & Wagner, 1992; Jampole & Weber, 1987; Kenyon-Jump, Burnette & Robertson, 1991).

***Prosedure***

'n Onderhoud van 20 minute is met elke proefpersoon gevoer. Die volgende prosedure is gevolg:

Die proefpersone wat bekom is by Ons Kinderhuis te Bloemfontein is in 'n laboratorium by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geëvalueer. Die personeel by die ander kinderhuise in die Vrystaat en Noord-Kaap asook by Monument Plek vir Veiligheid en die Hof vir Seksuele Oortredings in Bloemfontein het lokale beskikbaar gestel waar die navorser die proefpersone sonder steurings kon evalueer. Saam met die NAG-poppe was daar ook ander hulpmiddels teenwoordig soos 'n wit A4-vel papier met kleurpotlode om mee te teken of 'n inkleurprentjie en klein speelgoeddiertjies. By die ouer kinders is meer ouderdomsrelevante speelgoed soos domino's en 'n pennetjiebord gebruik. Die doel van hierdie hulpmiddels was hoofsaaklik om rapport met die kind te vestig.

*Stap 1:* Die proefpersoon is deur die navorser verwelkom en vryspel met die poppe en speelgoed is toegelaat. Indien die proefpersoon na vyf minute nog nie die poppe opgetel het nie, is die poppe deur die navorser aan die proefpersoon uitgewys.

*Stap 2:* Die poppe is vir die volgende vyf minute aan die proefpersoon bekendgestel deur te vra dat sy moet onderskei tussen die poppe se geslag en die etnisiteit van die poppe. Daarna het die proefpersoon die geleentheid gekry om een van die poppe te kies. Die navorser het dan ook 'n pop gekies en saam het hulle die poppe ontklee. Die verskillende liggaamsdele is vir die proefpersoon uitgewys en sy is ge=

vra om die verskillende liggaamsdele te noem. Indien die proefpersoon idiosinkratiese name gebruik het, is dit nie gekorrigeer nie.

*Stap 3:* Die navorser het weer 10 minute vryspel met die poppe en speelgoed toegelaat en die proefpersoon is ongemerk waargeneem. Die gedrag en gepaardgaande verbaliserings is deur die onderhoudvoerder op 'n merklys aangeteken.

**RESULTATE**

Data is bekom van die 74 dogters wat aan die navorsing deelgeneem het. Die volgende hoof-veranderlikes is ondersoek: die spontane interaksie van die proefpersone met die NAG-poppe, die soort pop wat gekies is en die spesifieke gedragsresponse wat hulle teenoor die pop gedemonstreer het. 'n Data-ontleding is gedoen deur gebruik te maak van die chi-kwadraat, eerstens om te bepaal of daar 'n verskil is tussen seksueel-gemolesteerde dogters en nie-seksueel gemolesteerde dogters se interaksie met NAG-poppe ten opsigte van bogenoemde veranderlikes en tweedens om te bepaal of wit en swart dogters verskil ten opsigte van hulle response teenoor NAG-poppe. Geen beduidende tellings ten opsigte van die veranderlikes is getoon nie as gevolg van onvoldoende verwagte tellings in elke sel. Daar bestaan dus geen beduidende verskille tussen enige van die groepe nie.

Vanuit die proefpersone se spontane interaksie met die NAG-poppe, die soort pop wat hulle gekies het en ook ten opsigte van die gedragsresponse wat teenoor die pop gedemonstreer is, is sekere tendense egter opgemerk. Dit word vervolgens op 'n beskrywende wyse aangebied. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die onderstaande beskrywing slegs moontlikhede is wat vanuit die data afgelei is en dat hierdie afleidings nie deur beduidende statistiese data ondersteun word nie.

***Spontane interaksie met die nie-anatomies-gedetailleerde poppe***

Tydens die eerste stap van die navorsingsprosedure is vyf minute vryspel toegelaat met die NAG-poppe en die ander speelgoed. Hier is opgelet of die dogters spontaan met die poppe in interaksie getree het, al dan nie. Hierdie inligting word in Diagramme 1 en 2 weergegee.

**Diagram 1 : Spontane interaksie van nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe**






**Diagram 2: Spontane interaksie van seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAD-poppe**



Uit Diagram 1 is dit duidelik dat 30 (83,3%) nie-seksueel-gemolesteerde dogters nie spontane interaksie met die poppe getoon het nie terwyl ses (16,7%) dogters, vier (22,2%) swart en twee (11,1%) wit, spontaan betrokke geraak het by die poppe. Soos in Diagram 2 aangedui, het 35 (92,1%) seksueel-gemolesteerde dogters nie spontane interaksie met die poppe getoon nie en slegs drie (7,9%) dogters, twee (12,5%) swart en een (4,5%) wit, het spontaan by die NAG-poppe betrokke geraak.

***Keuse ten opsigte van 'n pop***

Tydens die tweede stap in die navorsingsprosedure is die proefpersone aan die NAG-poppe bekendgestel, veral aan diegene wat nie spontaan by die pop betrokke geraak het nie. Die proefpersone is dan die geleentheid gebied om 'n pop of poppe van hul eie keuse te kies en die poppe is aangewend as demonstrasiemodel vir die benoeming van liggaamsdele en -funksies (vgl. Boat & Everson 1986). Daar was wel van die dogters wat nie 'n keuse wou maak nie en die navorser het dan self 'n pop gekies. Tydens stap drie is 10 minute vryspel met die poppe toegelaat terwyl die navorser die dogters ongemerk waargeneem het.

In Tabel 1 word die mate waartoe die seksueel-gemolesteerde wit en swart dogters en die nie-seksueel-gemolesteerde wit en swart dogters 'n pop of poppe gekies het, aangedui:

**Tabel 1: Keuse ten opsigte van poppe**

| KEUSE VAN POP | SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | | NIE-SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | |
|---|---|---|---|---|
| | W | S | W | S |
| | N / % | | N / % | |
| Kies 'n spesifieke pop | 6 (27,3) | 5 (31,3) | 4 (22,2) | 3 (16,7) |
| Kies meer as een pop | 5 (22,7) | 8 (50,0) | 2 (11,1) | 6 (33,3) |
| Kies geen pop | 11 (50,0) | 3 (18,8) | 12 (66,7) | 9 (50,0) |

Uit Tabel 1 is dit duidelik dat 11 seksueel-gemolesteerde dogters, ses (27,3%) wit en vyf (31,3%) swart, 'n spesifieke pop verkies het. Dertien dogters (5=22,7% wit en 8=50,0% swart) het meer as een pop verkies teenoor 14 dogters wat geen pop gekies het nie (11=50,0% wit en 3= 18,8% swart). In Tabel 1 word daar ook aangedui dat sewe nie-seksueel-gemolesteerde dogters (4=22,2% wit en 3=16,7% swart) 'n spesifieke pop verkies het en agt dogters (2=11,1% wit en 6=33,3% swart) het belangstelling getoon in meer as een pop, terwyl 21 dogters, (12=66,7% wit en 9=50,0% swart) geen pop gekies het nie.

Die keuse ten opsigte van 'n spesifieke pop waarna in Tabel 1 verwys is, is verder ontleed en die spesifieke pop soos onderskeidelik deur die wit en swart seksueel-gemolesteerde dogters asook die wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters verkies is, word in Tabel 2 uiteengesit.

**Tabel 2: Keuse ten opsigte van 'n spesifieke pop**

| TIPE POP | SEKSUEEL GEMOLESTEERDE GROEP Totaal | W | S | NIE-SEKSUEEL GEMOLESTEERDE GROEP Totaal | W | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N(%) | | | N(%) | |
| Wit manlike volwasse pop | - | - | - | 1 (14,28) | 1 (25,0) | - |
| Swart manlike volwasse pop | - | - | - | 1 (14,28) | - | 1 (33,3) |
| Wit vroulike volwasse pop | 2 (18,2) | 2 (33,3) | - | - | - | - |
| Swart vroulike volwasse pop | 1 (9,1) | 1 (16,7) | - | 2 (28,6) | - | 2 (66,7) |
| Wit vroulike kind-pop | 5 (45,5) | 2 (33,3) | 3 (60,0) | 3 (42,8) | 3 (75,0) | - |
| Swart vroulike kind-pop | - | - | - | - | - | - |
| Wit manlike kind-pop | 3 (27,3) | 1 (16,7) | 2 (40,0) | - | - | - |
| Swart manlike kind-pop | - | - | - | - | - | - |

Uit Tabel 2 kan afgelei word dat die seksueel-gemolesteerde groep die wit en swart vroulike volwasse pop, die wit vroulike kind-pop en die wit manlike kind-pop verkies het. Die nie-seksueel-gemolesteerde groep het weer die wit en swart manlike volwasse pop, die swart vroulike volwasse pop en die wit vroulike kind-pop verkies. Dit blyk ook dat die meeste proefpersone die wit vroulike kind-pop verkies het.

In die seksueel-gemolesteerde groep het twee dogters (18,2%) dit wil sê twee (33,3%) wit dogters teenoor geen swart dogter, die wit vroulike volwasse pop gekies. Die swart vroulike volwasse pop is deur een wit dogter (16,7%) en geen swart dogter verkies. Vyf dogters (45,5%),

twee (33,3%) wit dogters teenoor drie (60,0%) swart dogters, het die wit vroulike kind-pop verkies, terwyl die wit manlike kind-pop deur drie dogters (27,3%), dit wil sê een (16,7%) wit dogter en twee (40,0%) swart dogters verkies is.

Een wit dogter (25,0%) in die nie-seksueel-gemolesteerde groep teenoor geen swart dogters in dié groep het die wit manlike volwasse pop verkies, terwyl een swart dogter (33,3%) teenoor geen wit dogter die swart manlike volwasse pop verkies het. Die swart vroulike volwasse pop is deur twee swart dogters en geen wit dogter verkies. Drie wit dogters (75%) teenoor geen swart dogter het die wit vroulike kind-pop verkies.

***Gedragsresponse in die algemeen teenoor nie-anatomies-gedetailleerde poppe***

In Tabel 3 word die mate waarin die seksueel-gemolesteerde wit en swart dogters en die nie-seksueel-gemolesteerde wit en swart dogters teenoor die NAG-poppe in die algemeen gerespondeer het, aangedui:

**Tabel 3: Gedragsresponse in die algemeen teenoor NAG-poppe**

| GEDRAGSRESPONSE | SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | | | NIE-SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totaal | W | S | Totaal | W | S |
| | N / % | | | N / % | | |
| Geen gedragsresponse | 20 (52,6) | 14 (63,6) | 6 (37,5) | 24 (66,7) | 14 (77,8) | 10 (55,6) |
| Gedragsresponse | 18 (47,4) | 8 (36,4) | 10 (62,6) | 12 (33,3) | 4 (22,2) | 8 (44,4) |

Soos uit Tabel 1 afgelei kan word, blyk dit dat meer seksueel-gemolesteerde dogters (18=47,4%) ná bekendstelling van, en tydens vryspel met die poppe gedragsresponse teenoor die poppe gede= monstreer het as nie-seksueel-gemolesteerde dogters (12=33,3%). 'n Groter persentasie dogters uit sowel die seksueel-gemolesteerde (52,6% d.w.s 20 dogters) as die nie-seksueel-gemolesteerde (66,7% d.w.s 24 dogters) groepe het egter geen gedragsresponse teenoor die poppe getoon het. Verder blyk dit dat 'n groter persentasie wit (77,8% d.w.s 14 dogters) as swart (55,6% d.w.s 10 dogters) nie-seksueel-gemolesteerde dogters geen gedragsresponse teenoor die poppe getoon het nie. Wat die seksueel-gemolesteerde groep betref, het meer swart (10=62,6%) as wit (8=36,4%) dogters gedragsresponse teenoor die poppe getoon.

***Spesifieke gedragsresponse van seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor nie-anatomies-gedetailleerde poppe***

Die gedragsresponse waarna in Tabel 3 verwys is, is verder ontleed en gespesifiseer. Die spesifieke gedragsresponse soos onderskeidelik deur die seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde groepe teenoor die poppe getoon, word in Tabel 4 uiteengesit.

Tabel 4: Spesifieke gedragsresponse van seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe

| GEDRAGSRESPONSE | N (%) | SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | NIE-SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP |
|---|---|---|---|
| **Eksplorerende gedrag** | | | |
| - Lig pop se klere op | 3 (4.1) | 3 (7.9) | Geen |
| - Trek pop se klere uit | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |
| - Vat aan posisie waar pop se genitalieë behoort te wees | 1 (1.4) | Geen | 1 (2.8) |
| **Implisiete seksuele gedrag** | Geen | Geen | Geen |
| **Eksplisiete seksuele gedrag** | Geen | Geen | Geen |
| **Reaksies teenoor poppe** | | | |
| Aggressie teenoor pop | | | |
| - gooi pop | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |
| - swaai pop rond | 2 (2.7) | 2 (5.3) | Geen |
| - stamp poppe teen mekaar | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |
| Affeksie teenoor pop | | | |
| - druk pop vas | 5 (6.8) | 2 (5.3) | 3 (8.3) |
| - streel pop | 15 (20.3) | 10 (26.3) | 5 (13.9) |
| - sit pop op haar skoot | 3 (4.1) | 2 (5.3) | 1 (2.8) |
| - hou pop se hand vas | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |
| **Speelgedrag** | | | |
| Voer pop | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |
| Troetel pop | | | |
| - bad pop | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |
| - trek pop aan en uit | 18 (24.3) | 9 (23.7) | 9 (25.0) |
| - sit pop in bed | 1 (1.4) | 1 (2.6) | Geen |

| | | | |
|---|---|---|---|
| - sus pop | 6 (8,1) | 4 (10,5) | 2 (5,6) |
| **Ander gedrag** | | | |
| Interaksie tussen kind en pop | | | |
| - Rangskik poppe bymekaar | 11 (14,9) | 7 (18,4) | 4 (11,1) |
| - Tel pop op en sit neer | 12 (16,2) | 7 (18,4) | 5 (13,9) |
| - Kunsmatige asemhaling | 1 (1,4) | Geen | 1 (2,8) |
| - Pop klap hande | 1 (1,4) | Geen | 1 (2,8) |
| - Stap hand-aan-hand | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - Dans saam | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - Tel pop se tone | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - Druk op pop se maag | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - Demonstreer hoe een pop uit 'n ander pop se maag te voorskyn kom (pop word gebore) | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| Interaksie tussen poppe | | | |
| - sit hand om die lyf | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - sit op mekaar se skoot | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - hou hande vas | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - dra mekaar op hul rug | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - omhels mekaar | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - stap hand-aan-hand | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |
| - dans saam | 1 (1,4) | 1 (2,6) | Geen |

Die resultate ten opsigte van die spesifieke gedragsresponse van die twee groepe dogters (soos in Tabel 4 uiteengesit) is soos volg:

*Eksplorerende gedrag.* Die eksplorerende gedrag wat teenoor die NAG-poppe gedemonstreer is, is om die pop se klere op te lig, die klere uit te trek en aan die posisie te vat waar die pop se genitalieë behoort te wees. Die meerderheid proefpersone (3=4,1%) het die pop se klere opgelig. Drie (7,9%) proefpersone in die seksueel-gemolesteerde groep het die pop se klere opgelig en een (2,6%) het die pop se klere uitgetrek, terwyl geen proefpersoon in die nie-seksueel-gemolesteerde groep hierdie gedrag getoon het nie. Een (2,8%) proefpersoon in die nie-seksueel-gemolesteerde groep het aan die posisie gevat waar die pop se genitalieë behoort te wees, terwyl geen proefpersoon in die seksueel-gemolesteerde groep dit gedoen het nie.

*Implisiete seksuele gedrag.* Geen implisiete seksuele gedrag (soos in Bylae B uiteengesit) is deur enige van die twee groepe teenoor die NAG-poppe gedemonstreer nie.

*Eksplisiete seksuele gedrag.* Eksplisiete seksuele gedrag (soos in Bylae B uiteengesit) is deur geen proefpersoon in enige van die twee groepe teenoor die NAG-poppe gedemonstreer nie.

*Reaksies teenoor poppe*

- *Aggressiewe gedrag.* Aggressiewe gedrag wat teenoor die NAG-poppe gedemonstreer is, is om die pop te gooi, aan 'n liggaamsdeel rond te swaai en die poppe hard teen mekaar te stamp. Dit blyk dat die nie-seksueel-gemolesteerde groep geen aggressiewe gedrag teenoor die NAG-poppe gedemonstreer het nie terwyl slegs vier (10,5%) dogters uit die seksueel-gemolesteerde groep aggressiewe gedrag teenoor die poppe gedemonstreer het. Twee (5,3%) proefpersone in dié groep het die pop aan 'n liggaamsdeel soos die arm of selfs aan die hare rondgeswaai, terwyl een (2,6%) die pop gegooi het en een (2,6%) die poppe teen mekaar gestamp het.

- *Affektiewe gedrag.* Affektiewe gedrag wat teenoor die NAG-poppe gedemonstreer is, is om die pop vas te druk, die pop te streel, die pop op hulle skoot te tel en om die pop se hand vas te hou. In totaal het die grootste persentasie (20,3% d.w.s 15 dogters) proefpersone die pop gestreel. By verdere ontleding blyk dit dat meer dogters in die seksueel-gemolesteerde groep (10=26,3%) as in die nie-seksueel-gemolesteerde groep (5=13,9%) die pop gestreel het. Wat die ander soorte affektiewe gedrag betref, is die verskille tussen die twee groepe baie klein (vgl. Tabel 3).

*Speelgedrag met die poppe.* Speelgedrag wat teenoor die NAG-poppe gedemonstreer is, is om die pop te voer, die pop te bad, die pop se klere aan en uit te trek, die pop in die bed te sit en om die pop te sus. Die meerderheid proefpersone (18=24,3%) het die pop se klere aan- en uitgetrek. Nege proefpersone in albei groepe het hierdie gedrag gedemonstreer. Ses proefpersone (8,1%) het die pop gesus. Vier (10,5%) seksueel-gemolesteerde dogters teenoor twee (5,6%) nie-seksueel-gemolesteerde dogters het hierdie gedrag gede=monstreer. Slegs die proefpersone in die seksueel-gemolesteerde groep het die pop gevoer, gebad en in die bed gesit.

*Ander gedrag.* Ander speelgedrag wat teenoor die NAG-poppe gedemonstreer is en nie op die merklys voorkom nie, is gedrag wat op interaksie tussen die kind en die pop dui soos om die poppe bymekaar te rangskik, die pop op te tel en weer neer te sit, kunsmatige asemhaling te demonstreer en ook die pop se hande te manipuleer sodat die pop hande klap. Die kind en die pop het ook hand-aan-hand gestap en gedans. Van die proefpersone het die pop se tone getel, op die pop se maag gedruk en ook gedemonstreer hoe 'n kind-pop uit die volwasse pop se maag te voorskyn kom.

Die proefpersone het ook gedrag wat op interaksie tussen die poppe dui, gedemonstreer. Dit sluit in om die poppe te manipuleer sodat die poppe hand om die lyf sit, die poppe op mekaar se skoot sit, die poppe hande vashou, die poppe mekaar op die rug dra (abba), en die poppe mekaar omhels. Die poppe is ook hand-aan-hand laat stap en met mekaar laat dans.

Die grootste persentasie proefpersone (16,2% d.w.s 12 dogters) het die pop opgetel en dan weer neergesit. Dit blyk ook dat dié gedrag deur 'n groter persentasie proefpersone in die seksueel-gemolesteerde groep gedemonstreer is (18,4% d.w.s 7 teenoor 13,9% d.w.s 6 in die nie-seksueel-gemolesteerde groep). Die poppe is deur 11 (14,9%) van die proefpersone bymekaar gerangskik. Die meer= derheid proefpersone in die seksueel-gemolesteerde groep (sewe) het hierdie gedrag gedemonstreer. Slegs enkele proefpersone in die nie-seksueel-gemolesteerde groep het kunsmatige asemhaling met 'n pop gedemonstreer (1=2,8%) en die pop se hande gemanipuleer om hande te klap (1=2,8%).

Die volgende gedrag is slegs deur die nie-seksueel-gemolesteerde groep gedemonstreer: poppe wat hand om die lyf sit, poppe wat op mekaar se skoot sit, poppe wat hande vashou, poppe wat mekaar op die rug dra (abba), poppe wat mekaar omhels, poppe wat saam stap en saam dans.

Proefpersone uit slegs die seksueel-gemolesteerde groep aan die anderkant, het met die pop gestap en gedans, die pop se tone getel en op die pop se maag gedruk. Een dogter uit hierdie groep het geverbaliseer dat die pop 'n baba verwag, en geverbaliseer en gedemonstreer dat die kind-pop uit die volwasse pop se maag gaan verskyn.

***Vergelyking van spesifieke gedragsresponse van wit en swart seksueel-gemolesteerde dogters***

Die data is verder ontleed om te bepaal of wit en swart seksueel-gemolesteerde dogters verskil ten opsigte van die aard van hulle spesifieke gedragsresponse teenoor NAG-poppe. 'n Opsomming van hierdie inligting word in Tabel 5 weergegee.

**Tabel 5: Gedragsresponse van wit en swart seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe**

| GEDRAGSRESPONSE | WIT | SWART |
|---|---|---|
| **Eksplorerende gedrag** | | |
| - Lig pop se klere op | 2 (9.1) | 1 (6.3) |
| - Trek pop se klere uit | 1 (4.5) | Geen |
| - Vat aan posisie waar pop se genitaliee behoort te wees | Geen | Geen |
| **Implisiete seksuele gedrag** | Geen | Geen |
| **Eksplisiete seksuele gedrag** | Geen | Geen |
| **Reaksies teenoor poppe** | | |
| Aggressie teenoor pop | | |
| - gooi pop | 1 (4.5) | Geen |
| - swaai pop rond | 2 (9.1) | Geen |
| - stamp poppe teen mekaar | 1 (4.5) | Geen |
| Affeksie teenoor pop | | |
| - druk pop vas | 1 (4.5) | 1 (6.3) |
| - streel pop | 5 (22.7) | 5 (31.3) |
| - sit pop op haar skoot | 1 (4.5) | 1 (6.3) |

| | | |
|---|---|---|
| - hou pop se hand vas | Geen | 1 (6,3) |
| **Speelgedrag** | | |
| Voer pop | Geen | 1 (6,3) |
| Troetel pop | | |
| - bad pop | 1 (4,5) | Geen |
| - trek pop aan en uit (1*) | 4 (18,2) | 5 (31,3) |
| - sit pop in bed | Geen | 1 (6,3) |
| - sus pop | 1 (4,5) | 3 (18,8) |
| **Ander gedrag** | | |
| Interaksie tussen kind en pop | | |
| - Rangskik poppe bymekaar | 3 (13,6) | 4 (25,0) |
| - Tel pop op en sit neer | 2 (9,1) | 5 (31,3) |
| - Kunsmatige asemhaling | Geen | Geen |
| - Pop klap hande | Geen | Geen |
| - Kind en pop stap hand-aan-hand | 1 (4,5) | Geen |
| - Kind en pop dans saam | 1 (4,5) | Geen |
| - Kind tel pop se tone | Geen | 1 (6,3) |
| - Druk op pop se maag (2*) | 1 (4,5) | Geen |
| - Demonstreer hoe een pop uit 'n ander pop se maag te voorskyn kom (3*) | 1 (4,5) | Geen |
| Interaksie tussen poppe | | |
| - sit hand om die lyf | Geen | 1 (6,3) |
| - sit op mekaar se skoot | Geen | 1 (6,3) |
| - hou hande vas | Geen | 1 (6,3) |
| - dra mekaar op hul rug | Geen | 1 (6,3) |
| - omhels mekaar | 1 (4,5) | Geen |

| | | |
|---|---|---|
| stap hand-aan-hand | 1 (4,5) | Geen |
| dans saam | 1 (4,5) | Geen |

* Verbaliserings deur een seksueel-gemolesteerde wit dogter
(1*) "Moenie teen my lê as jy nie klere aan het nie" met verwysing na die wit manlike volwasse pop.
(2*) "Sy gaan 'n baba verwag" met verwysing na die swart vroulike volwasse pop.
(3*) "Sy gaan uit haar maag kom" met verwysing na die swart vroulike kind en die swart vroulike volwasse pop.

Die resultate ten opsigte van die spesifieke gedragsresponse van die twee groepe dogters (soos in Tabel 5 uiteengesit) is soos volg:

*Eksplorerende gedrag.* Die seksueel-gemolesteerde groep het die volgende eksplorerende gedrag teenoor die NAG-poppe gede= monstreer: lig die pop se klere op en trek die pop se klere uit. Meer wit dogters (2=9,1%) as swart dogters (1=6,3% ) het die pop se klere opgelig. Daar was slegs een (4,5%) proefpersoon, 'n wit dogter, wat die pop se klere uitgetrek het.

*Implisiete seksuele gedrag.* Geen implisiete seksuele gedrag is deur óf wit óf swart seksueel-gemolesteerde dogters teenoor die NAG-poppe getoon nie.

*Eksplisiete seksuele gedrag.* Geen eksplisiete seksuele gedrag is deur óf wit óf swart seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe getoon nie.

*Reaksies teenoor poppe*

- *Aggressiewe gedrag.* Die seksueel-gemolesteerde groep het aggressiewe gedrag soos om die pop te gegooi, die pop aan 'n liggaamsdeel rond te swaai en die poppe hard teen mekaar te stamp, met die NAG-poppe getoon. Volgens die data blyk dit dat geen swart seksueel-gemolesteerde dogter aggressiewe gedrag teenoor die poppe gedemonstreer het nie en dat sodanige gedrag slegs deur enkele wit dogters gedemonstreer

is. Twee (9,1%) wit dogters het die pop aan 'n liggaamsdeel rondgeswaai (bv. aan die arm of die been en die pop is selfs aan die hare opgetel en rondgeswaai), terwyl slegs een wit dogter (4,5%) die poppe gegooi het en ook net een wit dogter (4,5%) die poppe teen mekaar gestamp het.

- *Affektiewe gedrag.* Die seksueel-gemolesteerde groep het die volgende affektiewe gedrag teenoor die NAG-poppe getoon: druk die pop vas, streel die pop, tel die pop op haar skoot en hou die pop se hand vas. Die gedrag wat deur die meeste proefpersone in hierdie groep gedemonstreer is, is om die pop te streel. Dit blyk dat slegs een meer swart dogter as wit dogters meer affektiewe gedrag gedemonstreer het: vyf dogters in albei groepe (31,3% swart en 22,7% wit) het die pop gestreel, een dogter in albei groepe (6,3% swart en 4,5% wit) het die pop vasgedruk terwyl een dogter in albei groepe die pop op haar skoot getel het (6,3% swart en 4,5% wit). Slegs een swart dogter (6,3%) het die pop se hand vasgehou, terwyl hierdie gedrag nie deur die wit dogters uitgevoer is nie.

*Speelgedrag met poppe.* Die seksueel-gemolesteerde groep het die volgende speelgedrag teenoor die NAG-poppe gedemonstreer: voer die pop, bad die pop, trek die pop se klere aan en uit, sit die pop in die bed en sus die pop. Meer swart as wit dogters het die pop se klere aan en uit getrek (5=31,3% teenoor 4=18,2%) en die pop gesus (3=18,8% teenoor 1=4,5%). Borsvoeding is deur een swart dogter (6,3%) (teenoor geen wit dogter) gedemonstreer en net een swart dogter (6,3%) (teenoor geen wit dogter) het die pop in die bed gesit. Een wit dogter (4,5%) het die pop gebad, terwyl hierdie gedrag nie deur die swart dogters geopenbaar is nie.

*Ander gedrag.* Ander gedrag wat die seksueel-gemolesteerde groep teenoor die NAG-poppe gedemonstreer het en wat nie op die merklys voorkom nie, is eerstens gedrag wat dui op interaksie tussen die kind en die pop. Hierdie gedrag sluit in om die poppe bymekaar te rangskik, die pop op te tel en weer neer te sit, hand-aan-hand te stap met die pop en met die pop te dans. Van die proefpersone het die pop se tone getel, op die pop se maag gedruk en ook gedemonstreer hoe 'n kind-pop uit die volwasse pop se maag sal verskyn. Tweedens het die proefpersone ook interaktiewe gedrag tussen die poppe gede= monstreer. Dit sluit in om die poppe te manipuleer sodat die poppe hand om die lyf sit, op mekaar se skoot sit, hande vashou, mekaar op die rug dra (abba), mekaar omhels, hand-aan-hand stap en met mekaar dans.

Meer swart dogters (5=31,3%) as wit dogters (geen) het die pop net opgetel en neergesit en meer swart dogters (4=20,5%) as wit dogters (geen) het die poppe bymekaar gerangskik. Meer swart as wit dogters het die volgende gedrag gedemonstreer: laat poppe hand om die lyf sit, laat poppe op mekaar se skoot sit, laat poppe hande vashou, laat poppe mekaar op die rug dra (abba), en tel die pop se tone. Meer wit as swart dogters het die volgende gedrag gedemonstreer: laat poppe mekaar omhels, laat poppe hand-aan-hand stap, laat poppe saam dans, kind en pop stap hand-aan-hand, kind en pop dans saam, druk op pop se maag, demonstreer hoe een pop uit 'n ander pop se maag te voorskyn kom. Wit dogters het ook meer tydens die aksies geverbaliseer as swart dogters.

***Gedragsresponse van wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe***

Vervolgens word 'n vergelyking getref ten opsigte van die gedragsresponse van wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe. Hierdie data word in Tabel 6 vervat.

**Tabel 6 : Gedragsresponse van wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe**

| GEDRAGSRESPONSE | WIT | SWART |
|---|---|---|
| **Eksplorerende gedrag** | | |
| - Lig pop se klere op | Geen | Geen |
| - Trek pop se klere uit | Geen | Geen |
| - Vat aan posisie waar pop se genitalieë behoort te wees | Geen | 1 (5,6) |
| **Implisiete seksuele gedrag** | Geen | Geen |
| **Eksplisiete seksuele gedrag** | Geen | Geen |
| **Reaksies teenoor poppe** | | |
| Aggressie teenoor pop | | |
| - gooi pop | Geen | Geen |
| - swaai pop rond | Geen | Geen |
| - stamp poppe teen mekaar | Geen | Geen |
| Affeksie teenoor pop | | |
| - druk pop vas | 2 (11,1) | 1 (5,6) |
| - streel pop | Geen | 5 (27,8) |
| - sit pop op haar skoot | Geen | 1 (5,6) |
| - hou pop se hand vas | Geen | Geen |
| **Speelgedrag** | | |
| Voer pop | Geen | Geen |
| Troetel pop | | |
| - bad pop | Geen | Geen |

| | | |
|---|---|---|
| - trek pop aan en uit | 3 (16,7) | 6 (33,3) |
| - sit pop in bed | Geen | Geen |
| - sus pop | 1 (5,6) | 1 (5,6) |
| **Ander gedrag** | | |
| Interaksie tussen kind en pop | | |
| - Rangskik poppe bymekaar | 1 (5,6) | 3 (16,7) |
| - Tel pop op en sit neer | 1 (5,6) | 4 (22,2) |
| - Kunsmatige asemhaling | Geen | 1 (5,6) |
| - Pop klap hande | Geen | 1 (5,6) |
| - Kind en pop stap hand-aan hand | Geen | Geen |
| - Kind en pop dans saam | Geen | Geen |
| - Kind tel pop se tone | Geen | Geen |
| - Druk op pop se maag | Geen | Geen |
| - Demonstreer hoe een pop uit 'n ander pop se maag te voorskyn kom | Geen | Geen |
| Interaksie tussen poppe | | |
| - sit hand om die lyf | Geen | Geen |
| - sit op mekaar se skoot | Geen | Geen |
| - hou hande vas | Geen | Geen |
| - dra mekaar op hul rug | Geen | Geen |
| - omhels mekaar | Geen | Geen |
| - stap hand-aan-hand | Geen | Geen |
| - dans saam | Geen | Geen |

Soos dit uit Tabel 6 blyk, kan die volgende afleidings gemaak word ten opsigte van die gedragsresponse van wit en swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters teenoor NAG-poppe:

*Eksplorerende gedrag.* Die nie-seksueel-gemolesteerde groep het oor die algemeen min eksplorerende gedrag teenoor die NAG-poppe gedemonstreer. Slegs een swart dogter (5,6%) het sodanige respons gegee, naamlik om aan die area van die pop se genitalieë te raak.

*Implisiete seksuele gedrag.* Geen implisiete seksuele gedrag is teenoor die NAG-poppe deur enige dogter in hierdie groep gedemonstreer nie.

*Eksplisiete seksuele gedrag.* Geen eksplisiete seksuele gedrag is teenoor die NAG-poppe deur enige dogter in hierdie groep gedemonstreer nie.

*Reaksies teenoor poppe*

- *Aggressiewe gedrag.* Sowel wit as swart nie-seksueel-gemolesteerde dogters het geen aggressiewe gedrag teenoor die NAG-poppe gedemonstreer nie.

- *Affektiewe gedrag.* Die nie-seksueel-gemolesteerde groep het die volgende affektiewe gedrag teenoor die NAG-poppe gedemonstreer: druk die pop vas, streel die pop en laat die pop op haar skoot sit. Meer wit dogters (2=11,1%) as swart dogters (1=5,6%) het die poppe vasgedruk, terwyl meer swart dogters as wit dogters die pop gestreel (5=27,8% teenoor geen wit dogter) en die pop op hul skoot laat sit het (1=5,6% teenoor geen wit dogter).

*Speelgedrag teenoor poppe.* Die nie-seksueel-gemolesteerde groep het ook die volgende speelgedrag teenoor die NAG-poppe gedemonstreer: trek die pop se klere aan en uit en sus die pop. Meer swart dogters (6=33,3%) as wit dogters (3=16,7%) het die pop se klere aan en uitgetrek. Dieselfde aantal wit en swart dogters (1=5,6% uit elke groep) het die pop gesus.

*Ander gedrag.* Die nie-seksueel-gemolesteerde groep het die volgende gedrag wat nie op die merklys voorkom nie teenoor die NAG-poppe gedemonstreer. Ten opsigte van gedrag wat interaksie tussen die kind en die pop suggereer, het die proefpersone die poppe bymekaar gerangskik, die pop opgetel en dit weer neergesit, kunsmatige asemhaling toegepas en die pop se hande so gemanipuleer dat die pop hande klap. Meer swart dogters (4=22,2%) as wit dogters (1=5,6%) het 'n pop opgetel en weer neergesit en ook meer swart dogters (3=16,7%) as wit dogters (1=5,6%) het die poppe bymekaar gerangskik. Die swart, maar nie die wit dogters nie het ook kunsmatige asemhaling op die pop toegepas (1=5,6%) en die pop se hande gemanipuleer sodat die pop hande klap (1=5,6%).

Die wit sowel as die swart dogters het geen interaktiewe gedrag tussen die poppe gedemonstreer nie.

'n Opsomming van die gedragsresponse wat deur die seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde proefpersone teenoor die NAG-poppe getoon is, word in Tabel 7 aangebied. Die grootste aantal proefpersone wat die gedrag gedemonstreer het, word met 'n asterik (*) aangedui.

Tabel 7: Opsomming van gedragsresponse wat deur die proefpersone gedemonstreer is teenoor die NAG-poppe

| GEDRAGSRESPONSE | SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | | NIE-SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE GROEP | |
|---|---|---|---|---|
| | W | S | W | S |
| **Eksplorerende gedrag** | | | | |
| - Lig pop se klere op | X* | X | | |
| - Trek pop se klere uit | X | | | |
| - Vat aan posisie waar pop se genitalieë behoort te wees | | | | X |
| **Implisiete gedrag** | | | | |
| **Eksplisiete seksuele gedrag** | | | | |
| **Reaksies teenoor poppe** | | | | |
| Aggressie teenoor pop | | | | |
| - gooi pop | X | | | |
| - swaai pop rond | X | | | |
| - stamp poppe teen mekaar | X | | | |
| Affeksie teenoor pop | | | | |
| - druk pop vas | X | X | X* | X |
| - streel pop | X | X | | X |
| - sit pop op haar skoot | X | X | | X |
| - hou pop se hand vas | | X | | |
| **Speelgedrag** | | | | |
| Voer pop | | X | | |
| Troetel pop | | | | |
| - bad pop | X | | | |
| - trek pop aan en uit | X | X* | X | X* |
| - sit pop in bed | | X | | |
| - sus pop | X | X* | X | X |
| **Ander gedrag** | | | | |
| Interaksie tussen kind en pop | | | | |
| - Rangskik poppe bymekaar | X | X* | X | X* |
| - Tel pop op en sit neer | X | X* | X | X* |
| - Kunsmatige asemhaling | | | | X |
| - Pop klap hande | | | | X |
| - Kind en pop stap hand-aan-hand | X | | | |
| - Kind en pop dans saam | X | | | |
| - Kind tel pop se tone | | X | | |
| - Druk op pop se maag | X | | | |
| - Demonstreer hoe een pop uit | X | | | |

| | | |
|---|---|---|
| 'n ander pop se maag te voorskyn kom | | |
| Interaksie tussen poppe | | |
| - sit hand om die lyf | X | |
| - sit op mekaar se skoot | X | |
| - hou hande vas | X | |
| - dra mekaar op hul rug | X | |
| - omhels mekaar | X | |
| - stap hand-aan-hand | X | |
| - dans saam | X | |

* Dui die grootste aantal proefpersone aan wat die gedrag gedemonstreer het.

## BESPREKING

Geen beduidende verskille ten opsigte van die interaksie van seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters met NAG-poppe kon in hierdie studie gevind word nie. Hierdie data dui dus daarop dat die gebruik van NAG-poppe met omsigtigheid hanteer moet word indien dit aangewend word in die ondersoek na seksuele molestering by kinders.

Ten opsigte van die kruiskulturele aard van die studie, kon ook geen statisties beduidende verskille tussen wit en swart dogters se response teenoor die poppe gevind word nie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat dogters vanuit verskillende etniese groepe waarskynlik in min of meer dieselfde mate teenoor NAG-poppe respondeer.

Sekere tendense is egter in hierdie studie gevind wat van waarde kan wees vir die gebruik van NAG-poppe in die forensiese onderhoud:

- Die oorgrote meerderheid proefpersone (seksueel-gemolesteer en nie-seksueel-gemolesteer) het nie spontaan by die poppe betrokke geraak nie, en het selfs nadat die poppe aan hulle bekendgestel is,

nie juis belangstelling getoon nie. Sommige van die proefpersone het eerder belangstelling in die speelgoed getoon terwyl ander (veral die ouer dogters) eerder met die navorser gesels het. Sivan et al. (1988) het in hulle studie van die reaksies van nie-seksueel-gemolesteerde kinders teenoor AG-poppe ook gevind dat kinders nie noodwendig poppe as interessant beskou nie, en daarom nie sondermeer daarmee in interaksie sal tree nie. In die huidige studie byvoorbeeld, het sommige dogters aangedui dat hulle nie van poppe hou nie, dat hulle nie daarvan hou om met poppe te speel nie en daarom ook nie poppe besit nie. Hierdie bevindings het belangrike implikasies vir diegene wat beweer dat kinders se onbetrokkenheid by poppe as vermydende gedrag geïnterpreteer moet word en derhalwe daarop dui dat seksuele molestering wel plaasgevind het (sien bv. Boat, Everson & Amaya-Jackson, 1996). Dit is dus duidelik dat sogenaamde vermyding of ignorering van die poppe met versigtigheid geïnterpreteer moet word, aangesien 'n verskeidenheid faktore tot sodanige gedrag aanleiding kan gee.

- Wat betref die tipe pop wat die proefpersone gekies het, het dié uit beide etniese groepe wat wel 'n spesifieke pop gekies het, die wit vroulike kind-pop gekies. Dit kan 'n aanduiding wees dat die etnisiteit van die pop nie noodwendig 'n rol speel nie. 'n Ander interpretasie kan wees dat swart poppe 'n tot dusver ongewone verskynsel was (vgl. bv. kommersieël beskikbare poppe) en dat dogters derhalwe dié poppe kies wat aan hulle bekend is. Navorsingsbevindings in die VSA ten opsigte van die passing van die etnisiteit van die pop met dié van die kind is tot dusver ook nog onbeslis (Boat & Everson, 1989; Koocher et al., 1994).

- Ten opsigte van die gedrag in die algemeen wat die proefpersone teenoor die poppe gedemonstreer het nadat hulle aan die poppe

bekend gestel is, het die meeste proefpersone uit albei groepe geen gedragsresponse teenoor die poppe getoon nie. Hierdie bevinding het belangrike implikasie vir die gebruik van poppe by die assessering van seksuele molestering. Om bloot net op te let na die kind se interaksie met die pop, sal nie noodwendig die nodige inligting ontlok nie. Dit impliseer dat die poppe tydens die proses van onderhoudvoering as hulpmiddel gebruik moet word om kinders te help verbaliseer en demonstreer wat met hulle gebeur het, eerder as om net hulle interaksies met poppe waar te neem.

- Wat die spesifieke gedrag van die proefpersone betref, het die poppe geen implisiete of eksplisiete seksuele gedrag by enige van die proefpersone, hetsy seksueel-gemolesteer of nie-seksueel-gemoles= teer, ontlok nie. Britton en O'Keefe (1991) het in hulle studie gevind dat kinders wat vir seksuele molestering geassesseer is, in dieselfde mate eksplisiete gedrag teenoor AG- sowel as NAG-poppe getoon het. Hierdie navorsers is van mening dat kinders wat seksueel geviktimiseer is, met behulp van 'n pop sal kan demonstreer wat met hulle gebeur het, ongeag of die pop anatomies-gedetialleerd is of nie. Die rede waarom seksueel-gemolesteerde dogters in die huidige studie nie seksuele response, hetsy implisiet of eksplisiet, gegee het nie, kan velerlei van aard wees. Eerstens is die meeste van die dogters reeds 'n geruime tyd gelede seksueel gemolesteer en het hulle weens terapeutiese intervensies moontlik hulle ervarings al in 'n mate verwerk. Tweedens was die navorser deurentyd teenwoordig, wat moontlik die dogters se vrymoedigheid om met die poppe in interaksie te tree, beperk het. Derdens is geen leidende vrae (bv. "Wys my wat met jou gebeur het") gevra nie. 'n Vierde rede is dat NAG-poppe nie seksuele gedrag ontlok nie, en dat die doeltreffendheid van die gebruik van hierdie poppe in die assessering van seksuele molestering daarom beperk is. Aan die anderkant kan

die feit dat selfs seksueel-gemolesteerde kinders nie seksuele gedrag teenoor poppe demonstreer nie, as 'n waarskuwing dien dat die afwesigheid van seksueel implisiete of eksplisiete gedrag nie noodwendig 'n aanduiding is dat molestering nie plaasgevind het nie. Navorsers soos Sivan et al. (1988) en White et al. (1986) het byvoorbeeld gevind dat sommige gemolesteerde kinders selfs nie teenoor AG-poppe enige seksuele gedrag gedemonstreer het nie.

- Die proefpersone het oor die algemeen min eksplorerende gedrag teenoor die poppe getoon. Meer eksplorerende gedrag het egter by die seksueel-gemolesteerde groep as by die nie-gemolesteerde groep voorgekom. Die feit dat daar nietemin wel eksplorerende gedrag by die nie-gemolesteerde groep voorgekom het, dui daarop dat sodanige gedrag teenoor poppe nie sondermeer as aanduidend van seksuele molestering beskou kan word nie.

- Slegs seksueel-gemolesteerde dogters het aggressiewe gedrag teenoor die poppe getoon. Hoewel die aantal dogters wat hierdie gedrag getoon het baie min was, kan dit tog in gedagte gehou word wanneer kinders geassesseer word. Dawson, Vaughn en Wagner (1992) het byvoorbeeld ook in hulle studie gevind dat aggressie teenoor poppe in 'n meerdere mate by seksueel-gemolesteerde as nie-seksueel-gemolesteerde kinders voorkom.

- Die speel- en ander gedrag wat die proefpersone teenoor die poppe getoon het, is ook van so 'n aard dat nie spesifieke interpretasies daaraan geheg kan word nie. Wat wel aangedui kan word, is dat kinders 'n wye verskeidenheid van gedragsresponse (wat nie-seksueel van aard is) teenoor NAG-poppe openbaar.

- Wat die kruiskulturele aard van die studie betref kan ook geen definitiewe afleidings gemaak word nie, aangesien daar geen statisties-beduidende verskille tussen die twee groepe gevind is nie. Sekere tendense het egter voorgekom. Byvoorbeeld, wit dogters het meer aggressiewe en eksplorerende gedrag teenoor die poppe getoon, terwyl swart dogters meer affektiewe gedrag gedemonstreer het. Die verskille tussen die twee groepe is egter so klein dat geen definitiewe afleidings hieruit gemaak kan word nie, behalwe dat kultuurverskille moontlik 'n rol kon speel. Ander faktore wat in gedagte gehou moet word, is eerstens dat die navorser wit was en tweedens dat daar van tolke gebruik gemaak is by die Sotho-sprekende kinders. In watter mate hierdie aspekte die dogters se interaksie met die poppe kan beïnvloed, sal verder nagevors moet word.

Die bevindings van hierdie studie moet egter met omsigtigheid hanteer word. Redes hiervoor is die volgende:

- Weens die relatief klein steekproefgrootte was dit moeilik om sekere afleidings te maak. So byvoorbeeld is ouderdomsverskille nie in aanmerking geneem nie. Dit is dus nie duidelik in watter mate die verskille in ouderdomme die resultate kon beïnvloed het nie.

- Weens die spesifieke populasie wat gebruik is (hoofsaaklik kinders uit kinderhuise) kan die resultate nie na die algemene populasie veralgemeen word nie.

- Die studie beskik nie oor ekologiese geldigheid nie, dit wil sê die werklike evalueringskonteks is nie nageboots nie. Die kinders is slegs waargeneem vir ongeveer 20 minute lank, wat kwalik die werklike assesseringsproses weerspieël. Laasgenoemde gaan

ook gewoonlik gepaard met, onder andere, 'n emosioneel-belaaide atmosfeer van herhaalde en suggestiewe vraagstelling. Die omgewing waarin die evaluering vir hierdie studie plaasgevind het was hoofsaaklik emosioneel neutraal. Slegs twee kinders was in die konteks van 'n hof geëvalueer waar die prosedure in 'n meerdere mate die werklike assesseringsproses weerspieël het.

- Daar kan nie met sekerheid aangeneem word dat al die dogters in die nie-seksueel-gemolesteerde groep werklik nie-seksueel-gemolesteer is nie. Dit spreek vanself dat hierdie aspek ook die resultate kon beïnvloed het.

- Sommige van die dogters is 'n geruime tyd reeds seksueel gemolesteer. Dit kan daartoe bydra dat hulle response andersoortig sou wees as diegene wat redelik onlangs gemolesteer is. Hierdie aspek is nie in die studie verreken nie.

Hoewel daar sekere leemtes in die studie voorkom, is daar ook sterkpunte. Die waarneming van die kind se interaksie met die poppe het so objektief moontlik plaasgevind. Die dogter se response is bloot waargeneem en afgemerk op 'n vooraf opgestelde merklys. Geen leidende vrae is gevra wat die kind se response kon beïnvloed nie. Sodanige objektiwiteit is in ekologies-geldige kontekste nie altyd haalbaar nie. Prosedures wat aanvanklik beplan is om die objektiwiteit verder te verhoog, soos die gebruik van 'n video-kamera, eenrigting spieël en 'n ander waarnemer wat onbewus van die kind se molesteringstatus was, kon ongelukkig nie uitgevoer word nie. Die rede hiervoor was die beperkte fasiliteite by die kinderhuise en die Hof vir Seksuele Oortredings. 'n Ander sterkpunt van die studie is die relatief goeie passing van die twee groepe ten opsigte van ouderdom, sosio-ekonomiese status en etnisiteit. Hierbenewens kan hierdie

studie as 'n eksplorerende studie beskou word, wat moontlik verdere navorsing met 'n meer verfynde metodologie kan stimuleer.

## GEVOLGTREKKING

Hierdie studie toon dat daar geringe verskille bestaan tussen seksueel-gemolesteerde en nie-seksueel-gemolesteerde dogters en ook tussen wit en swart dogters se interaksies met NAG-poppe. Die verskille is egter statisties onbeduidend. Weens 'n aantal metodologiese tekortkominge kan die resultate ook nie veralgemeen word nie. Wat wel onomwonde deur die studie uitgelig is, is dat die blote waarneming van kinders se interaksie met poppe nie in isolasie gebruik kan word nie en dat dit eerder deel moet uitmaak van 'n multidimensionele onderhoudprosedure. Die vraag of NAG-poppe eerder as AG-poppe gebruik moet word, kan nie deur hierdie studie beantwoord word nie. 'n Studie waarin die response van kinders met beide AG- en NAG-poppe vergelyk word, sou 'n beter antwoord kon verskaf.

Ten opsigte van die gebruik van poppe (AG en NAG) stem die huidige navorser saam met die aanbevelings van Everson en Boat (1990), naamlik dat:

- Popgebruikers moet bereid wees om die wyse waarop en die rede waarom 'n pop in 'n spesifieke saak gebruik is, te beskryf.

- Popgebruikers moet op hoogte wees van die jongste navorsing oor die gebruik van poppe en ook bewus wees van die aanvaarbare metodes in die gebruik van die poppe.

- Popgebruikers moet bewus wees van die beperkinge in die gebruik van poppe en dat dit slegs aangewend kan word as 'n

steunmiddel tydens die onderhoudprosedure en nie as 'n eenvoudige toets om seksuele molestering te identifiseer nie.

**VERWYSINGS**

Ackerman, J. (1999). *Essentials of forensic psychological testing.* New York: Wiley.

American Professional Society on the Abuse of Children (APSAC). (1995). *Practice guidelines. Use of anatomical colls in child sexual abuse assessments.*

August, R.I., & Forman, B.D. (1989). A comparison of sexually abused and nonsexually abused children's behavioral responses to anatomically correct dolls. *Child Psychiatry and Human Development, 20,* 39-47.

Boat, B.W., & Everson, M.D. (1986). *Using anatomical dolls: Guidelines for interviewing young children in sexual abuse investigations.* Chapel Hill, NC: Department of Psychiatry, University of North Carolina.

Boat, B.W., & Everson, M.D. (1993). The use of anatomical dolls in sexual abuse evaluations: Current research and practice. In G.S.Goodman, & B.L. Bottoms (Eds.), *Child victims, child witnesses. Unverstanding and improving testimony.* New York: The Guilford Press.

Boat, B.W., & Everson, M.D. (1994). Exploration of anatomical dolls by nonreferred preschool-aged children: Comparisons by age, gender, race, and socioeconomic status. *Child Abuse & Neglect, 18*, 139-153.

Boat, B.W., Everson, M.D., & Amaya-Jackson, L. (1996). Consistency of children's sexualized or avoidant reactions to anatomical dolls: A pilot study. *Journal of Child Sexual Abuse, 5*, 89-40.

Boat, B.W., Everson, M.D., & Holland, J. (1990). Maternal perceptions of nonabused young children's behaviors after the children's exposure to anatomical dolls. *Child Welfare, LXIX*, 389-400.

Botha, A., Van Ede, D.M., Louw, A.E., Louw, D.A., & Ferns I. (1998). Die kleutertydperk. In D.A. Louw, D.M. Van Ede, & A.E. Louw (Reds.), *Menslike ontwikkeling* (3de uitgawe). Bloemfontein: Kagiso Uitgewers.

Britton, H.L., & O'Keefe, M.A. (1991). Use of nonanatomical dolls in the sexual abuse interview. *Child Abuse & Neglect, 15*, 567-573.

Bruck, M., & Ceci, S.J. (1999). The suggestibility of children's memory. *Annual Reviews: Psychology, 50,* 419-439.

Bruck, M., Ceci, S.J., Francouer, E., & Renick, A. (1995). Anatomically detailed dolls do not facilitate preschoolers' reports of a pediatric examination involving genital touching. *Journal of Experimental Psychology: Applied, 1*, 95-109.

Ceci, S.J., & Bruck, M. (1993). Suggestibility of the child witness. A historical review and synthesis. *Psychological Bulletin, 3*, 403-439.

Ceci, S.J., & Bruck, M. (1995). *Jeopardy in the courtroom. A scientific analysis of children's testimony.* Washington, D.C: American Psychological Association.

1 151 504 83

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

Cohn, D.S. (1991). Anatomical doll play of preschoolers referred for sexual abuse and those not referred. *Child Abuse & Neglect, 15,* 455-466.

Dalenberg, C.J. (1996). Fantastic elements in child disclosure of abuse. *APSAC Advisor, 9*, 1,5-10.

Dawson, B., Vaughan, A.R., & Wagner, W.G. (1992). Normal responses to sexually anatomically detailed dolls. *Joumal of Family Violence,7*, 135-152.

DeYoung, M. (1988). Issues in determining the veracity of sexual abuse allegations. *Children's Health Care, 17,* 50-57.

DeLoache, J. (1995). The use of dolls in interviewing young children. In M.S. Zaragoza, J.R. Graham, R. Hirschman, & Y.S. Ben-Porath (Eds.), *Memory and testimony in the child witness.* London: Sage Publications.

DeLoache, J.S., & Marzolf, D.P. (1995). The use of dolls to interview young children: Issues of symbolic representation. *Journal of Experimental Child Psychology, 60*, 155-173.

DeLoache, J.S., Kolstad, V., & Anderson, K.N. (1991). Physical similarity and young children's understanding of scale models. *Child Development, 62*, 111-126.

Everson, M.D. (1997). Understanding bizarre, improbable, and fantastic elements in children's accounts of abuse. *Child Maltreatment, 2,*134-148.

Everson, M.D., & Boat, B.W. (1990). Sexualized doll play among young children: Implications for the use of anatomical dolls in sexual abuse evaluations. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, 29*, 736-742.

Everson, M.D., & Boat, B.W. (1994). Putting the anatomical doll controversy in perspective: An examination of the major uses and criticisms of the dolls in child sexual abuse evaluations. *Child Abuse & Neglect, 18*, 113-129.

Fisher, K.W. (1980). A theory of cognitive development: The control and construction of hierarchies of skills. *Psychological Review, 8*, 477-531.

Fivush, R., & Hudson, J.A. (1990). *Knowing and remembering in young children.* Cambridge: Cambridge University Press.

Friedrich, W.N., Grambsch, P., Broughton, D., Kuiper, J., & Beilke, R. L. (1991). Normative sexual behavior in children. *Pediatrics, 88*, 456-464.

Friedrich, W.N., Grambsch, P., Damon, L., Koverola, C., Wolfe, V., Hewitt, S.K., Lang, R.A., & Broughton, D. (1992). Child sexual behavior inventory: Normative and clinical comparisons. *Psychological Assessment, 4*, 303-311.

Garbarino, J., & Stott, M., (1992). *What children can tell us. Eliciting, interpreting and evaluating information from children.* San Fransisco, CA: Jossey-Bass.

Goodman, G.S., & Aman, C. (1990). Children's use of anatomically detailed dolls to recount an event. *Child Development, 61*, 1859-1871.

Gordon, B.N., Schroeder, C.S., & Abrams, J.M. (1990). Age and social-class differences in children's knowledge of sexuality. *Journal of Clinical Child Psychology, 19*, 33-43.

Hess, A.K., & Weiner, I.B. (1999). *The handbook of forensic psychology* (2nd ed.). New York: Wiley.

Jampole, L., & Weber, M.K. (1987). An assessment of the behavior of sexually abused and nonsexually abused children with anatomically correct dolls. *Child Abuse & Neglect, 11,* 187-192.

Johnson, M.K., & Foley, H.A. (1984). Differentiating fact from fantasy: The reliability of children's memory. *Journal of Social Issues, 40*, 33-50.

Katz, S.M., Schonfeld, D.J., Carter, A.S., Leventhal, J.M., & Cicchetti, D.V. (1995). The accuracy of children's reports with anatomically correct dolls. *Developmental and Behavioral Pediatrics, 16*, 71-76.

Kenyon-Jump, R., Burnette, M.M., & Robertson, M. (1991). Comparison of behaviors of suspected sexually abused and nonsexually abused preschool children using anatomical dolls. *Journal of Psychopathology and Behavioral Assessment, 13,* 225-240.

Koocher, G.P., White, C.S., Sivan, A.B., Goodman, G.S., Friedrich, W.N., & Reynolds, C.R. (1995). Psychological science and the use of anatomically detailed dolls in child sexual-abuse assessments. *Psychological Bulletin, 118*, 199-222.

Leventhal, J.M., Hamilton, J., Rekedal,S., Tebano-Micci, A., & Eyster, C. (1989). Anatomically correct dolls used in interviews of young children suspected of having been sexually abused. *Pediatrics, 84*, 900-906.

Lie, G., & Inman, A. (1991). The use of anatomical dolls as assessment and evidentiary tools. *Social Work, 36*, 396-399.

Loftus, E.F., & Davies, G.M. (1984). Distortions in the memory of children. *Journal of Social Issues, 40*, 51-67.

Louw, D.A. (1997). Intelligensie. In D.A. Louw en D.J.A. Edwards (Reds.), *Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika* (2de uitgawe). Johannesburg: Heinemann.

Price, D.W.W., & Goodman, G.S. (1990). Visiting the wizard: Children's memory for a recurring event. *Child Development, 61*, 664-680.

Samra, J., & Yuille, J.C. (1996). Anatomically-neutral dolls: Their effects on the memory and suggestibility of 4- to 6-year-old eyewitnesses. *Child Abuse & Neglect, 20*, 1261-1272.

Saywitz, K.J., Nicholas, E., Goodman, G.S., & Moan, S.F. (1991). Children's memories of a physical examination involving genital touch: implications for reports of child sexual abuse. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 59*, 682-691.

Sivan, A.B. (1993). *Anatomical doll play in abused and nonabused children: what is known?* Referaat gelewer tydens die American Psychological Association kongres in Toronto, Kanada.

Sivan, A.B., Schor, D.P., Koeppl, G.K., & Noble, L.D. (1988). Interaction of normal children with anatomical dolls. *Child Abuse & Neglect, 12,* 295-304.

Skinner, L.J., & Berry, K.K. (1993). Anatomically detailed dolls and the evaluation of child sexual abuse allegations. *Law and Human Behavior, 17,* 399-421.

Wakefield, H., & Underwager, R. (1988). *Accusations of child sexual abuse.* Springfield, IL: Charles C. Thomas.

White, S., Strom, G.A., Santilli, G., & Halpin, B.M. (1986). Interviewing young sexual abuse victims with anatomically correct dolls. *Child Abuse & Neglect, 10,* 519-529.

# BYLAE A

KODES:
**Etnisiteit – Swart = S / Wit = W; Geslag en ouderdom – Volwasse vroulik = VV / Volwasse manlik = VM; Kind vroulik = KV / Kind manlik = KM;**

MERK MET 'N KRUISIE:

ONDERHOUDVOERDER : AANWESIG .............    PROEFPERSOON NO .........................

| GEDRAGSINDEKS | POP | | | GEDRAG | | FREKWENSIE | | VERBALISERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Etnisiteit | Geslag en ouderdom | NAD | Afwesig | Aanwesig | Aantal kere | Tyd spandeer | |
| 1. EKSPLORERENDE GEDRAG<br>Ondersoek pop:<br>- lig klere op<br>- trek klere uit<br>- kyk na genitalieë<br>borste<br>anus<br>- vat aan genitalieë<br>borste<br>anus | | | | | | | | |
| 2. IMPLISIETE SEKSUELE GEDRAG<br>**Soengedrag – poppe geklee**<br>- tussen poppe<br>- tussen pop en kind<br>**Soengedrag – poppe ontklee**<br>- tussen poppe<br>- tussen pop en kind<br>**Betasting – poppe geklee**<br>- tussen poppe<br>- tussen pop en kind<br>- tussen kind en pop<br>**Betasing – poppe ontklee**<br>- tussen poppe<br>- tussen pop en kind<br>- tussen kind en pop<br>**Posisionering – poppe geklee**<br>- tussen poppe<br>- tussen pop en kind<br>**Posisionering – poppe ontklee**<br>- tussen poppe<br>- tussen pop en kind | | | | | | | | |

ONDERHOUDVOERDER: AANWESIG ..............    PROEFPERSOON NO .......................

| GEDRAGSINDEKS | POP | | | GEDRAG | | FREKWENSIE | | VERBALISERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Etnisiteit | Geslag en ouderdom | NAD | Afwesig | Aanwesig | Aantal kere | Tyd spandeer | |
| **3. EKSPLISIETE SEKSUELE GEDRAG** | | | | | | | | |
| **Digitale penetrasie:** | | | | | | | | |
| - vaginaal | | | | | | | | |
| - anaal | | | | | | | | |
| - tussen poppe | | | | | | | | |
| - tussen kind en pop | | | | | | | | |
| - tussen pop en kind | | | | | | | | |
| **Objek penetrasie:** | | | | | | | | |
| - vaginaal | | | | | | | | |
| - anaal | | | | | | | | |
| - tussen kind en pop | | | | | | | | |
| - tussen pop en kind | | | | | | | | |
| **Peniele penetrasie:** | | | | | | | | |
| - vaginaal tussen poppe | | | | | | | | |
| - vaginaal tussen kind en pop | | | | | | | | |
| - vaginaal tussen pop en kind | | | | | | | | |
| - anaal tussen poppe | | | | | | | | |
| - anaal tussen kind en pop | | | | | | | | |
| - anaal tussen pop en kind | | | | | | | | |
| **Orale gratifikasie:** | | | | | | | | |
| - vaginaal tussen poppe | | | | | | | | |
| - vaginaal tussen kind en pop | | | | | | | | |
| - vaginaal tussen pop en kind | | | | | | | | |
| - peniel tussen poppe | | | | | | | | |
| - peniel tussen kind en pop | | | | | | | | |
| - peniel tussen pop en kind | | | | | | | | |
| - plaas mond op genitalieë | | | | | | | | |
| - plaas gesig op genitalieë | | | | | | | | |
| - suig aan genitalieë | | | | | | | | |
| - lek aan genitalieë | | | | | | | | |
| - suig/lek aan borste | | | | | | | | |
| **Verseksualiseerde spel:** | | | | | | | | |
| **Demonstreer seksuele omgang** | | | | | | | | |
| - tussen poppe | | | | | | | | |
| - tussen pop en kind | | | | | | | | |
| - tussen kind en pop | | | | | | | | |

ONDERHOUDVOERDER : AANWESIG ............... PROEFPERSOON NO ...........................

| GEDRAGSINDEKS | POP | | | GEDRAG | | FREKWENSIE | | VERBALISERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Etnisiteit | Geslag en ouderdom | NAD | Afwesig | Aanwesig | Aantal kere | Tyd spandeer | |
| **Masturbasie (kind)** | | | | | | | | |
| - kind self | | | | | | | | |
| - tussen poppe | | | | | | | | |
| - tussen pop en kind | | | | | | | | |
| **Ander (spesifiseer)** | | | | | | | | |
| ........................................................ | | | | | | | | |
| ........................................................ | | | | | | | | |
| ........................................................ | | | | | | | | |
| ........................................................ | | | | | | | | |
| .............................. | | | | | | | | |
| **4. REAKSIES TEENOOR POPPE** | | | | | | | | |
| - Vermydend | | | | | | | | |
| - Afkeurig | | | | | | | | |
| - Vreesagtig | | | | | | | | |
| - Aggressief | | | | | | | | |
| knyp | | | | | | | | |
| klap | | | | | | | | |
| trap | | | | | | | | |
| skop | | | | | | | | |
| gooi | | | | | | | | |
| rondswaai | | | | | | | | |
| - Humoristies | | | | | | | | |
| lag hard | | | | | | | | |
| giggel | | | | | | | | |
| proes | | | | | | | | |
| spot | | | | | | | | |
| - Affektief | | | | | | | | |
| vasdruk | | | | | | | | |
| streel | | | | | | | | |
| skoot sit | | | | | | | | |
| hand vashou | | | | | | | | |

ONDERHOUDVOERDER : AANWESIG ................ PROEFPERSOON NO ..........................

| GEDRAGSINDEKS | POP | | | GEDRAG | | FREKWENSIE | | VERBALISERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Etnisiteit | Geslag en ouderdom | NAD | Afwesig | Aanwesig | Aantal kere | Tyd spandeer | |
| 5 SPEELGEDRAG<br>- Voer pop<br>- Troetel pop<br>- bad<br>- trek aan en uit<br>- sit in bed<br>- sus<br>- Ander gedrag gespesifiseer<br>.................<br>.................<br>.................<br>.................<br>................. | | | | | | | | |

BYLAE B

# OMSKRYWING VAN GEDRAG OP MERKLYS

## EKSPLORERENDE GEDRAG

Kind ondersoek die pop deur die klere op te lig; klere uit te trek; kyk na posisie waar genitalieë, borste en/of anus behoort te wees; vat aan posisie waar genitalieë, borste en/of aan anus behoort te wees.

## IMPLISIETE SEKSUELE GEDRAG

- Demonstreer soengedrag

Terwyl die poppe geklee/ontklee is, soen die kind die pop op sy/haar mond of gesig.

Kind plaas een pop se mond op ander pop se mond met/sonder soengeluide.

- Betasting (poppe geklee en poppe ontklee)

Kind manipuleer pop se hand of ander liggaamsdele om kontak te maak met posisie waar 'n ander pop se genitalieë, anale area of borste behoort te wees (tussen poppe).

Kind manipuleer pop se hand of ander liggaamsdele om kontak te maak met kind se genitalieë, anale area of borste (tussen pop en kind).

Kind gebruik sy/haar hand of ander liggaamsdele om kontak te maak met posisie waar pop se genitalieë, anale area of borste behoort te wees (tussen kind en pop).

- Posisionering (poppe geklee en poppe ontklee)

Kind plaas poppe bo-op mekaar in 'n lê-posisie met/sonder demonstrasie van seksuele beweging.

Kind plaas pop bo-op homself/haarself in 'n lê-posisie met/sonder demonstrasie van seksuele beweging.

**EKSPLISIETE SEKSUELE GEDRAG**

- Digitale penetrasie

Kind manipuleer pop se hand of ander liggaamsdele en demonstreer penetrasie op posisie waar vagina en anus van pop behoort te wees (tussen poppe).

Kind gebruik sy/haar vinger en demonstreer penetrasie op posisie waar vagina en anus van pop behoort te wees (tussen kind en pop).

Kind manipuleer pop se hand of ander liggaamsdele en demonstreer vaginale en anale penetrasie met homself/haarself (tussen pop en kind).

- Objek penetrasie

Kind gebruik objek en demonstreer penetrasie op posisie waar vagina en anus van pop behoort te wees.

Kind plaas objek in pop se hande en demonstreer vaginale en anale penetrasie met homself/haarself.

- Peniele penetrasie

Kind plaas die posisie waar die penis van die manlike pop behoort te wees teen die posisie waar die vagina van 'n vroulike pop behoort te wees.

Kind gebruik sy eie/haar genitalieë en die posisie waar 'n pop se genitalieë behoort te wees om dieselfde aktiwiteit te demonstreer.

Kind plaas die posisie waar die penis van 'n manlike pop behoort te wees teen 'n ander pop op die posisie waar die anale area behoort te wees.

Kind gebruik sy/haar eie genitalieë of anale area en die posisie waar die genitalieë of anale area van die pop behoort te wees om dieselfde aktiwiteit uit te voer.

- Orale gratifikasie

Demonstreer orale-genitale kontak tussen poppe / tussen pop en kind asook tussen kind en pop.

Kind plaas die gesig van die een pop teen die posisie waar die vagina van 'n ander pop behoort te wees;

Kind plaas die gesig van die pop teen haar eie vagina.

Kind plaas sy/haar eie mond teen die posisie waar die vagina van die pop behoort te wees.

Kind plaas die gesig van die een pop teen die posisie waar die penis van 'n ander pop behoort te wees.

Kind plaas die gesig van die pop teen sy eie penis.

Kind plaas sy/haar eie mond teen die posisie waar die penis van die pop behoort te wees.

Kind suig aan die posisie waar pop se genitalieë behoort te wees.

Kind lek aan die posisie waar pop se genitalieë behoort te wees.

Kind suig/lek aan die posise waar pop se borste behoort te wees.

- Verseksualiseerde spel

Demonstreer seksuele omgang tussen poppe, tussen pop en kind asook tusssen kind en pop.

Kind plaas die posisie waar die penis van die manlike pop behoort te wees teen die posisie waar die vagina van 'n vroulike pop behoort te wees en demonstreer seksuele bewegings met/sonder verbalisering;

Kind gebruik sy eie genitalieë en die posisie waar 'n pop se genitalieë behoort te wees om dieselfde aktiwiteit te demonstreer met/sonder verbalisering.

- Masturbasie

Kind demonstreer seksuele selfbevrediging ten opsigte van homself/haarself, tussen poppe asook tussen pop en kind.

- Ander

Kind demonstreer gedrag soos byvoorbeeld seksuele praatjies.

**REAKSIES TEENOOR POPPE**

Kind wil nie kontak maak met pop nie.

Kind toon geen belangstelling in pop nie.

Kind toon ongemak of vrees tydens blootstelling aan die pop.

Kind gooi, skop en trap die pop.

Kind swaai pop aan liggaamsdele rond.

Kind knyp of klap pop se borste, penis, vagina of anale area of posisie waar borste, penis vagina of anale area behoort te wees.

Kind lag hard, giggel, proes of spot waneer hy/sy blootgestel word aan die pop.

Kind tree liefdevol op teenoor die pop deur dit te streel, vas te druk, op haar skoot te tel en die pop se hand vas te hou.

**ANDER SPEELGEDRAG**

Kind troetel pop deur dit te voer, te bad, aan/uit te trek, in die bed te sit en die pop te sus.

***SUMMARY***

*The use of anatomically detailed (AD) dolls to identify the sexual abuse of children is a controversial issue. Due to specific dilemmas concerning the use thereof, the question arose as to whether using non-anatomically detailed dolls (NAD) could be as effective, or even more effective. Very little research in this regard has been conducted overseas, and to date none has been done in South Africa. The objective of this study was therefore firstly to determine the viability of the use of NAD-dolls in identifying the sexual abuse of children. To achieve this objective the responses of 38 (22 white and 16 black) sexually abused girls, and 36 (18 white and 18 black) non-sexually abused girls to NAD-dolls, were compared. Secondly, an attempt was made to produce cross-cultural data, in other words the reactions of the white and black girls to the dolls were ascertained. In this case the responses of the sexually abused white girls and non-sexually abused white girls to the NAD dolls, were compared to the responses of these girls' black counterparts. A chi-square analysis of the results could not show any statistically significant differences in respect of either of the two objectives. However, according to a more descriptive approach to the data, it became evident that certain tendencies regarding the responses of sexually molested girls and non-sexually molested girls to the NAD-dolls did in fact exist. It also appears as if certain tendencies regarding the responses of white and black girls to the NAD-dolls exist as well.*

*use of non-anatomically detailed dolls; viability of the use of non-anatomically detailed dolls; sexually abused girls; non-sexually abused girls; use of anatomically detailed dolls; assessment of sexual abuse; cross-cultural study; descriptive approach; white and black girls*

U.O.V.S. BIBLIOTEEK